


# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT  
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR



Jaargang XXXXI Nr. 5

TYDESKRIFTE - DONDERDAG, 25 APRIL 1985  
J. S. GERICH  
STELLENBOSCH  
29-04-1985  
SIRKULÊER: KLASNR

## SP-KOMMISSIE

# Probleme met die stelsel ondersoek

TYDENS 'n Studenteparlementsvergadering wat op 16 April plaasgevind het, is besluit dat 'n SP-kommissie ondersoek sal instel na die probleme wat met die huidige stelsel van studenteverteenwoordiging ondervind word.

Die besluit is geneem na aanleiding van 'n dringende voorstel wat deur die SP-lid vir Eendrag, mnr. André Duvenhage, ingedien is.

Die voorstel, wat eenparig in 'n geamendeerde vorm aanvaar is, lui as volg:

- "Dat (I) die SP 'n kommissie van vyf lede aanstel om ondersoek in te stel na (a) probleme wat die SP ondervind met betrekking tot effektiewe funksionering en (b) moontlike oplossings vir die probleme.
- (II) Dat SP-lede op 'n datum soos deur die kommissievoorsitter bepaal probleemareas vir ondersoek skriftelik by die kommissie indien.
- (III) Die kommissie 'n verslag van sy werksaamhede aan die SP voorlê op die laaste vergadering van die huidige semester.
- (IV) Die vergadering voortgaan met die verkiesing van vyf lede vir die kommissie."

Vyf SP-lede, mnr. André Duvenhage, Derick de Villiers, Phillip Verster en Le Roux van der Westhuizen, asook me. Estelle de Leeuw, is deur die Studenteparlement aangewys om op die kommissie van ondersoek te dien.

### Selfondersoek

Mnr. Duvenhage het in sy motivering vir die dringende voorstel gesê "die SP vind op verskillende terreine probleme om tot sy volle potensiaal te funksioneer."

Mnr. Francois Sieberhagen, SR-lid vir die LSS, het tydens die bespreking van die voorstel gesê dat dit tyd geword het dat die Studenteparlement selfondersoek doen. Volgens hom is die bestaande SP-struktuur genoegsaam. Die rede waarom die stelsel nie werk soos dit behoort nie, kan by die mense binne die struktuur gesoek word, het mnr. Sieberhagen gesê.

'n Ander dringende voor-

stel is deur mnr. Johan Bell, SR-lid vir USKOR, ter tafel gelê. Die mosie, wat onder meer lui dat "die SP vrye en onvoorwaardelike gesprek met enige groep of persone voorstaan", sal egter eers op die volgende SP-vergadering bespreek word nadat 'n verdagingsmosie aanvaar is.

Mnr. Francois Sieberhagen, wat die verdagingsmosie voorgestel het, het as rede aangevoer dat die studentemening oor die saak getoets moet word voordat hieroor besluit word. Mnr. Hendrik du Toit, SR-lid vir Kultuur, het gevoel dat politieke debat in die kiesafdelings hierdeur gestimuleer kan word.

### Mandaat

Mnr. Bell het aan *Die Matie* gesê dat hy dit betreur het, ten spyte van die feit dat die SP-reglemente voorsiening maak daarvoor dat SP-lede hulle mandaat kan gebruik, die SP nie bereid is om dié mandaat te gebruik nie.

Hy het ook gevra wat die sin daarvan is om oor 'n onderwerp in die Studenteparlement te debatteer wanneer 'n besluit oor die onderwerp reeds in die koshuise geneem is.

Mnr. Bell en die sekondant van die voorstel, mnr. Johan Olivier, gaan met die toestemming van die SP geringe wysigings aan die voorstel doen, waaronder die omruil van sekere punte. Die voorstel, sowel as die motivering daarvoor, word aan kiesafdelings beskikbaar gestel.

### ANC

Die voorstel vra onder meer ook dat beide die ANC en die Regering hulle bereid moet verklaar om in 'n onvoorwaardelike gesprek met mekaar te tree. Verder word die feit dat die SAUK geweier het om die *Nightline* onderhoud met die ANC-leier Oliver Tambo uit te saai, betreur.

In die motivering vir die voorstel word gesê: "Stellenbosch staan ope gespreksvoering voor waarin geen party vooraf voorwaardes vir gespreksvoering stel aan die ander nie." Dit word beskou as die beleid van die studente-unie, en as 'n goeie riglyn vir enige groep of party in Suid-Afrika wat daadwerklik op soek is na 'n werkbare oplossing vir ons land se politieke probleme.

## Teer-en-veerders moontlik terug

DIE nege Stellenbosse studente wat uit hulle koshuise geskors is nadat hulle 'n verslaggewer van *Die Matie* geveer het, kan ná die wintervakansie skriftelik aansoek doen om weer tot hulle koshuise toegelaat te word.

Die nege mans, agt van Wilgenhof en een van Hippokraties, het op 17 Februarie die verslaggewer en sy kamermaat uit hulle koshuiskamer ontvoer, waarna hulle die verslaggewer naby Coetzburg met swart verf en vere bedek het.

Die Rektor, prof. Mike de Vries, het gesê die studente kan teen Junie aansoek doen om weer toegelaat te word. Hulle aansoek sal op grond van "goeie gedrag" gekeur word, het hy gesê.

Intussen is die Kommissie van Ondersoek na 'doop'-wanpraktike op die kampus nog besig met sy ondersoek. Daar word verwag dat hulle binnekort 'n verklaring aan die pers sal uitreik oor hulle vordering.



Die voorsitter van die Stellenbosse Studenteraad, mnr. Le Roux van der Westhuizen, ontmoet die leier van die Inkatha-jeugbrigade, mnr. Simon Mapalala, tydens die onlangse SR-toer.

# Studenteraad stel standpunte op jaarlikse toer

"STUDENTERAADSELEDE is die geleentheid gebied om hulle standpunte en oortuigings te stel teenoor persone en organisasies wat 'n wye spektrum uit die Suid-Afrikaanse gemeenskap verteenwoordig. So word elkeen gedwing om sy sienings teen die realiteite van ons Suid-Afrikaanse situasies te toets." Dit is die kommentaar van mnr. Le Roux van der Westhuizen, SR-voorsitter, oor die jaarlikse SR-toer wat tydens 26-31 Maart plaasgevind het.

### Geweier

"Die doel van die toer was tweërlei: om instansies te besoek wat van opvoedkundige waarde kan wees en om te soek af te lê by ander studentegroepe. Vanjaar se toer het met 'n vol program beslis in albei doelstellings geslaag en was werklik 'n onderneming van groot waarde."

Die US-SR het amptelik geskakel met die studenteraad van die Universiteit van Pretoria en Natal (Pietermaritzburg), die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Randse Afrikaanse Universiteit. Samesprekinge is ook gevoer met verteenwoordigers van Inkatha. Die studenteraad van die Universiteit van die Witwatersrand en Natal (Durban) het geweier om die Stellenbosse SR formeel te ontmoet, tensy aan sekere voorwaardes voldoen word.

### Konsensuspunt

In Johannesburg het SR-lede die geleentheid gehad om te gesels met die hoofredakteurs van *Beeld*, *Die Vaderland* en die *Sunday Times*, sowel as senior redak-

sieled van *Rapport* en *The Star*. In 'n bespreking oor die SAUK se weiering om die *Nightline*-program, waarin 'n onderhoud met mnr. Oliver Tambo, ANC-leier, gevoer is, uit te saai, het die SR-lede gevoel dat sulke optrede Suid-Afrikaners verhoed om van alle standpunte kennis te neem en dat hulle graag die onderhoud sou wou gesien het. Verskeie SR-lede het ook steun uitgespreek vir die idee dat die regering in gesprek met die ANC moet tree.

'n Bespreking oor die vraag of studenteleiers 'n sosiale bewusmakingsrol op die kampus behoort te speel, is met die Tukkie-SR gevoer. Die volgende konsensuspunt is geformuleer:

- Dat:
- ons as studenteraad besef dat baie studente in die klein studentewêreld gevange bly en nie sy samelewing in geheel kan leer ken nie.
  - die studenteraad erken dat studenteleiers die taak het om werklik leiding te gee, sodat studente in die werklike gemeenskap ingelei kan word.
  - studenteraad geleentheid moet skep om studente se visie van die sosiale werklikheid te verbreed en verskerp.
  - Tukkies die rol van die studenteleier in 'n sosiaal-politieke konteks sien as 'n bewusmakings- en 'n skolingsrol waarna die individu self 'n besluit kan neem.
  - Maties die rol van die studenteleier soos in (d) sien, maar met 'n verdere plig tot standpuntinname oor sosio-politieke aangeenthede. By die Universiteit van die

Witwatersrand het die Maties lede van die Students' Moderate Alliance (SMA) ontmoet.

### Voorwaardes

Dié organisasie opponeer Nusas en stel hom ten doel om "radikalisme" op die Engelse kampusse te beveg.

Die Wits-SR het geweier om formeel met die Maties-SR te skakel, maar 'n paar lede was wel bereid om 'n informele gesprek te voer. Die amptelike standpunt van Wits was dat Stellenbosch se SR hulle eers bereid moes verklaar om apartheid sowel as pres. P.W. Botha se kanselierskap te verwerp. Ook die Durbanse kampus van die Universiteit van Natal het voorwaardes vir 'n gesprek gestel. Hulle standpunt is dat pres. Botha se regering sekere mense verhoed om hul vryheid van spraak te beoefen, en dat dit dáárom nie sinvol is om 'n gesprek met die US, wat die regering openlik steun, te voer nie. Verskeie Stellenbosse SR-lede het hul misnoeë met dié standpunt teenoor die SR-lede van Wits uitgespreek, aangesien hulle voel dat ope gesprek onvoorwaardelik moet plaasvind.

By die RAU is die volle oopstelling van SA universiteite vir alle rassegroepe be-

(Vervolg op bladsy 4)

## LEES BINNE

SR, Inkatha skakel . . . . . bl.5  
Ondersoek na UDF . . . . . bl.9  
Koshuisrugby . . . . . bl.16

## Vandale verniel koshuistuine

"BLATANTE vandalisme" was die oorsaak van groot skaalse vernietiging van die



Vandale het gedurende die laaste naweek van verlede kwartaal omvangryke skade aan plante voor die dames-koshuise Serruria, Nemesia en Erica aangerig deur met 'n motor deur die blombeddings te ry.

Universiteit van Stellenbosch se tuine, het mnr. G. Moolman van die Tuine-afdeling gesê.

In die laaste naweek van verlede kwartaal het mense, vermoedelik studente, met 'n motor op die grasperke voor Serruria, Nemesia en Erica deur blombeddings gery en bandmerke op die gras gelaat.

'n Paar kanna-beddings voor Nerina is ook so beskadig.

Maandagaand na die naweek het studente in dieselfde omgewing plante vernietig. 'n Paar van die kleiner bome is afgebreek en 'n pad van verwoesting is deur al die krismisroosbeddings gelaat. Baie van dié plante is afgebreek of afgesny. 'n Paar piesangbome is ook afgebreek.

Mnr. Moolman het gesê dat hy sulke optrede miskien nog kan verstaan as dit tydens die vensterversierings gebeur, maar hierdie was "blatante verwoesting".

"Die verfraaiing word vir die studente se genot en vir die beeld van die Universiteit gedoen." Hy het gesê dat hy wonder wat in die mense se koppe aangaan as hulle so optree.

Mnr. Moolman het gesê dit is moeilik om te sê of dieselfde mense vir die twee dade verantwoordelik was. Hy het 'n beroep gedoen op studente om sulke blatante vandalisme aan te meld.

Volgens mnr. Moolman beloop skade aan die universiteit se tuine elke jaar 'n paar duisend rand.



# UNIVERSITEIT VAN LESOTHO

## Tweespalt heers onder studente

BY die Universiteit van Lesotho woed ernstige tweespalt tussen twee studenteliggames. Dit word beweer dat lede van die Student Democratic Front, een van die liggames, onder meer AK 47-gewere op die kampus rondra.

### Aanranding

Volgens waarnemers is die probleme gekoppel aan 'n ideologiese stryd tussen ondersteuners van die regering en die opposisie party, die Basotho Congress-Party. Etlke voorvalle van aanranding het al voorgekom.

### Verskille

Die studente se verskille is so ernstig dat twee studentebewegings, die regeringsgesinde Student Democratic Front en die Student Liberation Army se doeleindes probeer bevorder onder die studente.

Die Lesotho Liberation Army poog om met wapengeweld Hoofman Lebua Jonathan se regering omver te werp. Terselfdertyd sê die opposisie dat die Student Democratic Front (SDF) 'n half-militêre uitbreiding is van die weermag van Lesotho.

Daar is gesê dat lede van

die SDF weermagopleiding voor hul studies ondergaan het. Sommige van hulle is nog steeds lede van die weermag, en hulle loop op die kampus rond in kamoefleerdrag. 'n Student het gesê dat die regering doelbewus die kampus oorlaai met lede van sy weermag, sodat hulle afvallige studente kan intimideer.

Die leier van die SDF, mnr. Ketso Letseta, het be-



Mnr. Samuel Maqelepo

werings erken wat daarop dui dat sy ondersteuners lede van die weermag van Lesotho is. Hy het egter gesê dat hy geen fout daarmee te vinde het nie, omdat hulle graag hul opvoedingspeil wil verbeter.

Hy het ontken dat SDF-lede gewapend op die kampus loop, maar gesê dat sommige wel vuurwapenlisensies het. Toe 'n verslaggewer 'n voorval van wapengeweld

deur 'n SDF-lid aan mnr. Letseta genoem het, het hy dit egter erken.

### Vrede

Mnr. Letseta kon ook nie sy weg oopsien om met die veel ouer Student Liberation Front vrede te maak nie. "Die SDF beliggaam die ideale van die studente, en nie die SLF nie," het hy voorts gesê. Hy het die kritiese houding van SLF-lede betreur, aangesien "hulle nooit konstruktiewe bydraes te lewer het nie."

"Dit is algemene kennis dat die beweringe omtrent die SDF waar is," het mnr. Karabo Mohau, die sekretaris van die Studente Liberation Front gesê. Hy het gesê dat 'n weermaghelikopter by geleentheid 'n lid van die SDF op die kampus kom aflaai het.

Twee lede van die akademiese personeel is om kommentaar genader. Die dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Ds. S.N. Mohlomi, het gesê dat almal bewus was van die weermaghelikopter wat 'n student kom aflaai het. "Dit was duidelik dat verskeie lesings 'n geruime tyd lank deur die helikopter se geraas onderbreek is," het hy gesê.

### Gewapend

'n Senior lektor van die departement Fisika, mnr.

Samuel Maqelepo, het vestig dat sommige studente gewapend op die kampus rondloop. Hy het met mnr. Mohau saamgestem dat die SLF die meeste steun onder die studente geniet. Hy het verder die geldigheid van die SR-verkiesings vroeër vanjaar betwyfel.

### Verkiesing

"Die onlangse verkiesings het nie normaalweg verloop nie. Die stempersentasies is te laag. Die student wat die gewildste was het maar 347 stemme uit 'n totaal van 1 200 gekry," het mnr. Maqelepo voorts gesê.

### Korrup

Terwyl Lesotho tans voorberei vir die eerste demokratiese verkiesings sedert Hoofman Jonathan 14 jaar gelede aan bewind gekom het, het 'n student sy kommer daarvoor uitgespreek. Hy vrees dat die landwyse verkiesings net so korrup sal wees as die universiteit s'n.

Die hoofkiesbeampte is 'n oudlid van die SDF. Hy, mnr. Mposi Mateete, was "uiters omstrede" tydens sy studiejare aan die universiteit, het die student gesê.

Sommige waarnemers vrees dat daar nie vrede by Lesotho se enigste universiteit sal kan wees nie, vir 'n so lank as die land polities onstabiel bly.

## Regses van Tuks teen P.W.-graad

PRETORIA — Regse studente van die Universiteit van Pretoria het die besluit van die universiteit gekritiseer om 'n eregraad aan die Staatspresident, mnr. P.W. Botha, toe te ken.

### Meriete

Hulle het die beweegredes vir die besluit aangeval as sou daar ander oorweginge as akademiese meriete by die toekenning betrokke wees.

Pres. Botha het 'n eregraad in publieke administrasie — D Admin (honoris causa) — van die universiteit ontvang op 'n plegtigheid waar die voormalige Vise-staatspresident, mnr. Alwyn Schlebusch, ingehuldig is as nuwe kanselier van die UP.

Regse oud- en huidige Tukkies het tydens die kanseliersverkiesing onlangs kwaai stemming gemaak teen mnr. Schlebusch en probeer om die enigste ander kandidaat, dr. Wally Grant, bekende in regse kringe, verkies te kry.

### Bydrae

KP- en HNP-gesindes op die kampus word in 'n politieke vereniging, die Afrikaner-studentefront, saamgesnoer.

Volgens die universiteit word die toekenning aan pres. Botha as voortrefflike administrateur en staatsman gedoen weens die besonder bydrae wat hy oor drie dekades ten opsigte van die Suid-Afrikaanse politiek en staatkundige ontwikkeling gelewer het.



Ondersteuners van die Student Liberation Front (SLF) betoog by die Universiteit van Lesotho.

# Opsitkers brand langer by Potch

POTCHEFSTROOM — 'n Verskuiwing van halfagt na nege-uur as sluitingstyd vir eerstejaars in dameskoshuise by die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. word hier as 'n dramatiese stap beskou op die pad na vryheid vir dames.

### Kontrole

Die stap is goedgekeur deur die Sentrale Beheer-komitee op aandrang van die SR. Nog argalese reëls wat op die kampus in die slag gebly het is dat senior dames (derdejaar en hoër) nie meer uit hoof te teken nie. Volgens die Studenteraad het die ou stelsel geen bydrae tot die verantwoordelikheid van senior dames gelewer nie en was dit as kontrolestelsel oneffektief.

Om kontrole te handhaaf sal HK-lede egter op 'n weeklikse basis volledige kamerkontrole doen om te verseker dat seniors wel 23h30 in die koshuis terug is.

Die bevrydingsaksie sluit nie tweedejaarstudente in nie, aangesien hulle nog steeds moet uitteken. Na lange onderhandelinge en deeglike besinning deur die universiteitsowerhede sal tweedejaars op een laataand

## Zululand skors 282

NGOYE — Studente-organisasies is effektief onderdruk by die Universiteit van Zululand.

Dit is gedoen deurdat 282 studente van die universiteit geskors is. Gerugte wyl dit ook hê dat 50 tot 100 studente in kennis gestel is van hul skorsing.

Die skorsings was 'n gevolg van 'n reeks boikotte en polisiebedrywighede op die kampus. Die boikotte het hoofsaaklik ontstaan as gevolg van die voedseldienste. Volgens een persoon was dit "onmoontlik om te onderskei tussen hondekos en die kos wat aan ons voorgesit is."

Die meeste van die geskorste studente was lede van die Azanian Students Organisation (AZASO), en vrouens wat skuldig bevind is aan oortredings in die manskoshuise. Sommige van die geskorste studente het egter nie aan een van die bo genoemde groepe behoort nie. Die Universiteit het geen redes vir die skorsings aangebied nie.

per week geregtig wees. Dit is in teenstelling met twee laat aande per maand gedurende die eerste semester.



Die eerstejaars het geen toegewings ontvang nie. Die dameskoshuise sluit ook op Maandagaande om 21h00. Kerklike aktiwiteite moet sover as moontlik gedurende 21h00 en 22h00 gehou word. Met die nuwe sluitingstye verskuif stiltetye vanaf 21h30 tot 06h00.

Volgens Cerneels Lourens, SR-lid vir koshuise, is daar

verlede jaar by die huiskomitee vasgestel of daar 'n behoefte aan 'n verandering aan die uittekenstelsel bestaan. Voorstelle oor hoe om dit te wysig, is verwelkom.

Die SR, Prims en huiskomitee se samewerking in die verband was baie goed. Normaalweg tree reglementsverandering eers die volgende jaar in werking, maar die nuwe stelsel sal onmiddellik geld.

### Verandering

"Om enige iets te beding in die studente-lewe moet jy kan terugval op die verantwoordelikhede van die studente — hierdie veranderinge aan die uittekenstelsel is 'n weerspieëling van die beeld dat hulle verantwoordelik sal wees," aldus mnr. Lourens.

# Boete, skorsing vir gematigdes

JOHANNESBURG — Vier van die lede van die "Students Moderate Alliance" (SMA) is gedreig met moontlike skorsing uit die Universiteit van die Witwatersrand. Hulle is mnr. Russel Crystal, Jean Visser, Glenn Kruger en 'n mnr. Homan.

### Verbod

As gevolg van hulle besluit om sekere materiaal te publiseer, nadat hulle uit-



Mnr. Grant Rex

druklik deur die Studenteraad van Wits verbied is om dit te doen, moes hulle voor die tugkomitee verskyn. Mnr. Crystal is met R500 beboet terwyl die ander drie studente met R250 elk beboet is. Verder is hulle gewaarsku dat enige verdere oortredings in 'n ernstige lig gesien sal word en dat dit selfs

### Laster

"Wanneer publikasies met persoonlike beledigings of verkeerde informasie voorskyn kom, kan die universiteit aanspreeklik gehou word vir laster. Wits het baie langrike kontakte wat selfs tot in Londen strek en laste ten opsigte van iemand (binne of buite SA) kan dus baie nadelig wees. Die SR tree slegs namens die Administrasie van die universiteit op om sulke ongemaklikhede te probeer verhoed," het mnr. Rex gesê.

## GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (SA) OUDITEURE LEERKONTRAKTE EN VAKANSIEWERK

Doen u praktiese ondervinding op by 'n firma wat die opleiding van sy personeel as een van sy voorste prioriteite stel.

- 'n Landwyd-gekoördineerde indiensopleidingsprogram
- Praktiese onderrig in gevorderde ouditettegnieke — rekenaaroudits — statistiese metodes
- Bystand met universiteitstudies
- Vordering volgens meriete
- Mededingende salarisse en byvoordele

VAKATURES BY: KAAPSTAD-, BELLVILLE-, STELLENBOSCH-, PAARL- EN GEORGE-KANTORE.

Indien u belangstel, voltooi asseblief onderstaande:

Naam: .....

Adres: .....

Pos aan: Die Personeelvennoot, Theron van der Poel, Posbus 2799, Kaapstad 8000



# Simon vier sy 30ste...

DIE reünie van die dertigjarige Wit Huis het op 22 en 23 Maart plaasgevind. Onder die interessante geleenthede was 'n gholfdag, 'n wyntoer en die bywoning van die Maties-Tukkies rugbywedstryd.

Die feesviering is begin met die gholfdag waaraan ongeveer 50 spelers deelgeneem het. 'n Skemeronthaal wat deur die Rektor, prof. M.J. de Vries, bygewoon is, is hierna in die Sanlamsaal gehou. Een van die sprekers by die geleentheid was mnr. Gys Steyn, 'n gewese primarius en tans president van die KWD.

Die seremoniemeester by die aand se hanedinee was die SAUK-sportkommentator, mnr. Willem van Drimelen. Mnr. Jan Louw het vir vermaak gesorg met 'n groep klopse wat hy na die dinee gebring het.

'n Wyn- en kampustoer is Saterdagoggend aangebied. Dit is deur 'n hoenderbraai voor die koshuis gevolg. Die ete is in 'n groot tent gehou en die musiek is deur 'n "oompah"-orkes verskaf. Volgens mnr. Nico Uys, lid van Simonsberg se huiskomitee, het ongeveer 550 Simons-

bergers en vriendinne die middag die rugbywedstryd bygewoon. 'n Formele dans is Saterdagoggend in die stadssaal gehou.

Uit briewe wat sedert die naweek by Simonsberg ingestroom het, blyk dit duidelik dat die oud-Simonsbergers die naweek terdeë geniet het. Dit word sekerlik die beste opgesom in die woorde van mnr. Jan Louw: "Eenvoëdig puik".

Volgens mnr. Uys is daar nog aandenkings soos mansjetknope, hemde en dasse beskikbaar. Alle belangstelendes kan hom by Simonsberg kontak vir verdere ligting.



# ... en Harmonie word taggentag

HARMONIE, die oudste dameskoshuis op Stellenbosch, het vanaf 29-31 Maart 'n reünie gehou. Ongeveer 120 oud-studente van so ver as SWA en Johannesburg

het saam die koshuis se tagtigste bestaansjaar kom herdenk. Die oudste Harmonieër teenwoordig was die 90-jarige me. Schwarzer.

'n Skemeronthaal Vrydag is gevolg deur 'n huisvergadering vir oud-studente. Die vergadering is waargeneem deur 'n oud-primaria, me. Sarita Hauptfleisch. Volgens me. Mariaan Trollip, organiseerder van die reünie, het een van die koshuis se oudtradisies herleef deurdat 'n "Needle-bath Queen" gekies is. Die tradisie spruit uit die unieke spiraalstort wat vandag nog in die koshuis is. 'n Inwoner van Stellenbosch, me. Hester Potgieter, is as die 1985-"queen" gekies.

Die hoogtepunt van die volgende dag se verrigtinge was die toer wat op 'n rooi "Beefeater"-bus onderneem is. Die rit is voorafgegaan deur 'n tuinparty in die koshuistuin. Hulle het ook 'n besoek aan die nuwe J.S. Gericke-biblioteek gebring.

'n Formele dinee, waartydens 'n spesiale verjaardagkoek opgeveel is, is die aand gehou. Die geld wat hier ingesamel is, sal aange-

**Helshoogte se Opedag.**  
27 April 1985  
'n Braaikompetisie, dans en jolyt. Almal welkom om deel te neem.

wend word om die spiraalstort te herstel.

Die verrigtinge is die Sondag met die bywoning van 'n erediens in die Studentekerk afgesluit.

## Oudstes hou hulle jaarlikse rugbydag

OUDE MOLEN het op Saterdag 13 April hulle tradisionele rugbydag by Heidehof gehou. Die wyk bestaan uit 'n paar konsentrasiepunte waar meeste van hulle studente saamgetrek is. Elkeen van die groepe skryf 'n span vir dié jaarlikse gebeurtenis in.

Die ses spanne wat vanjaar deelgeneem het, was Bergville, Crozierhuis, Heidehof, die Priory, Hombré en die res van die studente, saamgetrek in 'n "Privates"-span.

Die kompetisie is op 'n uitklopbasis beslis en Crozierhuis het as oorwinnaars uit die stryd getree. Na die dag se rugby is 'n gesellige braai op die proefplaas gehou.

Volgens mnr. Martin Mostert, HK-lid van Oudstes, was dit verblydend om al die belangstelling te sien, selfs by diene wat nie self gespeel het nie.

By Majuba se Opstandingsfunksie is Anita Meyer as Mejuffrou Majuba 1985 gekroon. Deidre Lubbe en Henriette le Roux is as eerste en tweede prinsesse aangewys. Al drie het geskenkbewyse van *Klash* ontvang. Lemaryn Louw, verlede jaar se Mejuffrou Majuba het die kroning gedoen. Felix Visagie van Sanlam (links agter) het die trofee geskenk. Joggie Scholtz, HK-lid vir Sosiaal, staan met 'n *Garfield* glimlag regs agter.

# Nerina stages an exciting soccer debut

ON Saturday, 23 March, Nerina won the first ever ladies' interresidential soccer tournament to be played at Stellenbosch. They beat Huis de Villiers by three goals to two in the final match of the day.

from a penalty kick. Right after the final whistle the Pieke floating trophy was presented to Nerina, who will have to defend it during next year's tournament.

## Brainchild

This unique tournament was the brainchild of the chairman of the soccer committee, Mr Stephen Boyes. Pieke organized the teams and the tournament. Despite minor hitches in the running of the day, all was readily accepted, bearing in mind that such an event was staged for the first time.

Because of the overwhelming enthusiasm from the residences, fourteen teams entered the competition. During the preceding week, the ladies were instructed in the basics of soccer by the mens' residences.

## Penalty

After the preliminary rounds, during which each team played three matches, Erica and Sonop played off for third place. The match ended in a draw, and had to be decided on penalty kicks. Erica's superior goalshooting ensured them the match.

In the final between Nerina and Huis de Villiers, the deciding goal was scored

# U.S. Vories wen skild in Bloem.

DIE afgelope Paasaweek het tien Maties 'n Staatmakerkonferensie in Bloemfontein bygewoon. Die konferensie vind jaarliks op 'n ander kampus plaas. Vanjaar se tema was "Die Jeug op Mars". Volgens die sameroepers van die konferensie is dié tema gekies omdat dit Jeugjaar is, en die jeug vooruit beweeg.

Jaarliks word die Uniewinkelskild uitgelooft aan die aktiefste en mees dinamiese Staatmakergroep in die land. Die Stellenbosse Staatmakers het dit vanjaar vir die eerste keer gewen. Aangesien drie van die ander Staatmakergroepe verlede jaar as die mees dinamiese verenigings op hulle onderskeie kampusse aangewys is, sê dit geweldig baie vir die gehalte van die studente-verenigings op Stellenbosch.

# Staatmakers bekryk eie rol

DIE Staatmakers het op 27 Maart 'n besprekingsaand gehou. Plaaslike hoërskoolleerlinge en studente van Wellingtonse Opleidingskollege het ook die geleentheid bygewoon. Daar is besin oor die toekomsrol van die Staatmakers. Die spreker was me. M.C. Swanepoel, onderhoofleider van die Voortrekkerbeweging en 'n bekende in BTK-kringe. 'n Paar idees het die aand gekristalliseer:

Die Staatmakers kan gesien word as 'n skakel tussen die jeuglede en die offisiere. Dit is dus noodsaaklik dat hulle hul regmatige plek binne die Voortrekkerbeweging gegun word. Die afgelope paar jaar het die Staatmakers al meer status en seggenskap binne die Voortrekkerbeweging gekry. Vanjaar het Staatmakers dieselfde status as offisiere verkry en ontvang na hul eerste jaar 'n offisiersrang.

Die Staatmakers het 'n taak om te vervul, nl. om die jeug van Suid-Afrika te betrek. Hulle moet dus belangstel in die jeug. Dr. Jannie Pieters het in 'n studie bevind dat 73% van die jeug-onbetrokke is. (Die jeug het ook 'n gebrek aan leiding.) Staatmakers behoort ook hulle medestudente by dié dinge van ons land wat mooi en kosbaar is te betrek.

Staatmakers is oor die algemeen kundige mense en is in sommige gevalle hoogs opgelei. Hulle mag daardie kennis nie net vir hulself hou nie, maar moet dit aan ander oordra. Die Staatmakers moet dien as oefenskool en om leierskapservaring op te doen.

Daar is opnuut besin oor die aanwending van Staatmakers binne die Voortrekkerbeweging. Die gevoel is dat daar nog meer gebruik gemaak kan word van die Staatmakers binne Kaapland.

ON the opening night, the restaurant Making Movies made all the right moves to earn its place in a town which caters for social students.

Directed by Dave van Rensburg and produced by Paul Delponte, Making Movies offers what people want. Says Dave: "Our target is anyone who enjoys a good meal at a reasonable price."

Nothing on the menu costs more than R10, except the line fish, the seafood platter and the prawns. These three items are subject to quote. A welcome special is that the choice of five sauces served with the grills are free of charge.

There were no complaints about the food from the eight people at the table. A popular dish was Sole bon femme - "The best sole I've ever eaten", commented more than one customer.

The restaurant is not very large, which helps create a

# Making Movies makes a move

pleasant atmosphere. Those who knew Niteshift, the previous occupant, will hardly recognise the place. The walls have been painted a relaxing green, and posters of movie idols like James Dean, Marilyn Monroe and Marlon Brando decorate the walls.

A big plus is the live music provided by Greg Pentopoulos. Greg is an art student and well-known musician in Stellenbosch.

The birth of the restaurant has quite a story to it. Paul Delponte, who has been involved with a few restaurants in Stellenbosch, put Niteshift up for sale. Dave, who has worked for the Spur

group for six years, offered to go into partnership with Paul. Dave also has a diploma in interior design and was responsible for the interior decoration of the restaurant.

Making Movies aims to attract people of any status or age. "Less people are eating out these days," says Dave, "so restaurants are putting up their prices. We, however, aim to get less from more people."

Making Movies is situated in Het Laantje, and is not licenced. The restaurant is open seven days a week from 11.00 am till 2.30 pm for lunch, and in the evenings from six till late.



**SPECIAL**

**BRUCE SPRINGSTEEN**

'BORN IN THE USA'

Includes the hits

'DANCING IN THE DARK'

'COVER ME' etc

**13<sup>99</sup>**

**DROSTDY CENTRE RECORD & CASSETTE**

You'll find more at...

**Musica**

STELLENBOSCH DROSTDY CENTRE TEL. 72002

# radio matie

SR KANTORE, LSS, STELLENBOSCH 7600  
TEL. (02231) 73802

## WIL U ADVERTEER?

Ons saai advertensies vir universiteits-organisasies en koshuise uit.

**Vir nie-winsgewende instansies - Gratis**

**Vir winsgewende instansies - 80c per flits**

Stel u belang? Kontak ons by die bogenoemde adres.

**Uitsaaitye: 9h30 - 15h30**  
(word binne-kort verleng)

**Daaglikse "Surf Report" om 12h00**

**Nuus om 11h00 en 13h00**



# UNIV. OF COLUMBIA Students want disinvestment

NEW YORK — The University of Columbia here has recently been making world headlines with the students' campaign against the university's investments in South Africa.

## Amnesty

The university authorities recently procured a court order barring the three hundred-odd protesting students from blocking building entrances to other students and staff. The students vowed to continue with their university's investments in South Africa. The University of Columbia is reputedly one of the wealthiest universities in the United States.

The students reiterated by sending telegrams to the university president, Mr Michael Sovern and to members of the board of trustees, demanding a written policy statement favouring disinvestment of Columbia's South African-related investments. They also demanded a promise of unconditional amnesty for all of the demonstrators who have been rallying daily in front of Hamilton Hall.

The court order, obtained from State Supreme Court Judge Harold Baer, requires "an end at this time to the actions of the demonstrators preventing full access of the Columbia community to Hamilton Hall." A date for a

hearing was set at which the students will have to prove to the Justice that a permanent restraining order should not be issued.

Additionally, seven students have ended their hunger strike of fifteen days. Two of the students, one a South African, Mr José de Sousa, had to be hospitalised after they had fainted at the rally.

## Solidarity

The Reverend Jesse Jackson paid a surprise visit to the campus, praising the dissenting students for their commitment "to the struggle in South Africa." Despite the court order, the students are continuing their sit-in strike under the watchful eyes of the police.

Rumours have it that Bishop Desmond Tutu intended refusing his honorary doctorate to the university in solidarity with the stu-

dents. This, however, has not been confirmed.

## Assumption

According to an American newspaper, *This World*, the continuing demonstrations against the South African policy of the Reagan Administration, and the Administration's defense of itself, shares an assumption: that Washington can do something to compel the South African government to change its race laws.

"Despite the moral fervour on the side of the disinvestment campaign and the pleas for pragmatic moderation on the other, there is ample evidence that almost nothing done in Washington — neither the Reagan Administration's policy nor any of the suggestions for more pressure — will have much influence on what happens in Pretoria," according to the article.



Boxing champion Larry Holmes and District of Columbia congressional delegate, Walter Fauntroy (right) demonstrate in front of the South African embassy.

## Bekendes tree op by Sangaand

'n SANGAAND word op 1 Mei deur die ASVS (Afrikaanse Studentevereniging Stellenbosch) aangebied. Volgens mnr. Johann Wege, voorsitter van die ASVS word met 'n aand van sang en musiek gepoog om dinamiek aan die kultuurlewe op Stellenbosch te gee. Dit bied ook die geleentheid aan kunstenaars om onder die aandag van die studentepubliek te kom.

Die aand vind op Woensdag, 1 Mei by die Konservatorium plaas en begin om 19h45.

Die bekende soliste Christine Coetzee sal optree, asook die koor van die Sentraal-gemeente o.l.v. Pieter van der Westhuizen.

Bekende serenadegroepe wat sal optree, is die Boschtroebadoere, die Eiffelkoor van Dagbreek en Majuba se sanggroep.

Kaartjies is teen R1,00 by die Konservatorium en die ASVS-kantoor beskikbaar. Kaartjies sal ook by die deure verkoop word.

# ASB, Inkatha soek saam na oplossing

JOHANNESBURG — Die oplossing van Suid-Afrika se probleme moet deur middel van 'n nasionale konsensie plaasvind, het mnr. Marthinus van Schalkwyk, voorsitter van die ASB, die naweek van 19 tot 20 April op 'n gesamentlike konferensie van die ASB en die Inkatha-jeugbrigade gesê. Die byeenkoms het op die kampus van die Randse Afrikaanse Universiteit plaasgevind.

## Retoriek

Die betekenis van mnr. Van Schalkwyk se toespraak moet gesien word as die weweg van die tradisionele retoriek wat Afrikaanse universiteite reeds lank kenmerk, en van "versigtige" uitsprake oor beleidsrigtings wat sterk met dié van die regering verskil. Mnr. Van Schalkwyk het voorts gesê dat hy hoop dat soortgelyke konferensies gehou kan word wat groepe wat belangrike determinante in die Suid-Afrikaanse politiek is, sal betrek.

"Ons het bymekaargekom omdat ons dieselfde toekoms tegemoet gaan — dit is ons land en ons kan nie bekostig om dit te vernietig nie," het mnr. David Msomi, hoof-

bestuurslid van Inkatha-jeugbrigade gesê.

Mnr. Msomi het verder opgemerk dat die byeenkoms as 'n katalisator vir die twee groepe se leiers kan dien, en dat die Staatspresident, mnr. P.W. Botha, groot belangstelling toon in die konferensie se verloop.

Mnr. Msomi se siening is dat die byeenkoms ook 'n bydrae lewer tot die Internasionale Jeugjaar, omdat die besprekingsonderwerpe die jeug in Suid-Afrika raak. Taakgroepe sal gevorm word om die huidige onrus in die land te bespreek.

Prof. Willie Esterhuyse, hoogleraar in Filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch, het gesê dat apartheid uitgefaseer moet word. Etnisiteit, in plaas van die reg van groepe, is nie 'n gesonde basis om 'n grondwet op te bespreek nie.

## Agterdog

Dr. Dennis Madide, voorsitter van die politieke, grondwetlike en regsake-komitee van Inkatha, het by die openingsrede gesê dat Inkatha bereid is om te kyk na ander vorms van demokrasie as alternatief vir 'n stelsel van een-man-een-stem in 'n een-

heidstaat.

Dr. Madide het gesê Inkatha erken die opregtheid van die Staatspresident, mnr. P.W. Botha. Pres. Botha het volgens hom verder as enige van sy voorgangers gegaan in die soeke na wesenlike politieke veranderinge. Ongelukkig besef die regering nog nie dat onderhandelings tussen al die land se mense die enigste redding vir Suid-Afrika is nie.

Daar is geen twyfel oor die bitterheid, seer en woede, asook die vrees, agterdog en afkeur in Suid-Afrika nie. Die kans is goed dat hier-

die mengelmoes van negatiewe emosies verwoesting kan saai in die soeke na vrede.

## Onregeerbaar

Dr. Madide het gesê die nuwe grondwetlike bedeling het sekere swart woongebiede onregeerbaar gemaak en bewys dat blankes swartes nie regstreeks kan regeer nie.

Die konferensie is ook toegesprek deur dr. Gerrit Viljoen, Minister van Samewerking en Ontwikkeling en Onderwys, en dr. F.T. Mdlalose van die Kwazulu-kabin-

# Familiesaak het tuis met hondejassies begin

PUPPYLOVE is die koddige handelsnaam van bykans elke koshuis- of verenigings-hempie wat deesdae op die kampus te sien is. Mnr. Marrison is die man agter dié suksesvolle onderneming.

Wanneer het u met hierdie onderneming begin?

Ons het in 1981 begin besigheid doen — dus nou al 4 jaar. Dis 'n familiesaak en ons het sommer vanuit die huis gewerk. In Junie 1983 het ons egter hierdie perseel (op die hoek van Merrimantlaan en Birdstraat — bokant Marco Polo) betrek.

Waar kom die besondere naam van u onderneming vandaan?

Ja, dit is 'n storie op sy eie. Ons het begin deur klere vir honde te maak, vanaf Chihauhau tot Bull Mastiffs. Ons doen dit natuurlik nog steeds en ons produktoreeks wissel van honde-sweetpake tot voëlkou-oortreksels. Terloops, ons maak ook die kleinste T-hemp in Suid-Afrika — die een vir 'n Chihauhau. Dit is dan waar ons naam vandaan kom.

Hoe het dit dan gebeur dat u self nou midde-in die modebedryf bevind?

In 1983/84 het die univer-

siteit ons gevra dat ons vir hulle 'n Karnaval-T-hemp moet ontwerp en vervaardig (die Kineval-driehoek-een). Daarna het dinge net begin gebeur. Eendrag het gekom met 'n bestelling vir 60 rugby-T-hemde en toe was ons, soos jysê, in die modewêreld.

Wat is u doelmerk?

Ons maak T-hemde — wel eintlik maak ons nie T-hemde nie, ons vervaardig mode-hemde — hoofsaaklik vir die universiteit. Ook nie vir die universiteit as sulks nie, maar vir die kampus — die studente. Dan maak ons ook hemde vir skole, die A.C.S.V. en enige ander verenigings- of liggaam. Ons produkte-reeks wissel van kortbroeke tot sweetpake en baniere. Aan die ander kant gaan ons nog steeds voort met die vervaardiging van hondeklere.

Hoekom dink u dat u produkte so gewild is?

Ek dink almal wil graag met iets identifiseer omdat

RADIO MATIE WEEK (6th-11th May), will be a week with a difference, because Radio Matie is changing its image. Mr Dieter Fitschen, the director of Radio Matie, told *Die Matie* that this promotional week will mark the beginning of greater interaction between the station and the students.

The main events will be a fashion show and a rodeo, which will be held in the Neelsie as well as a concert by Coenie de Villiers. The guest artists will be Tony Cox and Debbie Lange. The concert will be staged on the 10th of May at the H.B. Thom. The week will end with the Radio Matie dance at the Wine Route Hotel on 11 May.

At present weekly programmes are "Gospel Alive", every Monday from 13h00 — 14h00, and "Focus", presenting news, views and interviews, on Thursdays between 12h00 and 14h00. Campus news is read at 13h00 daily.

Radio Matie aims at expanding their broadcasting hours, starting from 08h00 as opposed to 09h30 and broadcasting right through until 21h30 (as opposed to 15h30).

A greater emphasis will be placed on keeping students posted on the activities of student societies. All in all, Radio Matie aims to be a more dynamic and integral part of campus life.



## Swart studente debatteer karnaval

PIETERMARITZBURG — Behoort swart studente deel te neem aan hul blanke universiteite se karnavalpogings? Die Swartbewussynsbeweging, AZAPO, het onlangs hieroor gedebatteer by die Universiteit van Natal (Pietermaritzburg).

Mnr. Faizal Ishmael het namens AZAPO gepraat en alle swart studente tot daadwerklike medewerking aangespoor. "Die karnaval was nog altyd 'n omstrede saak en die Black Student's Society is juis as gevolg van probleme rondom karnaval-deelname gestig," het hy gesê.

"'n Mens moet eintlik eers vra waarom karnaval en ander liefdadigheidsaksies hoegenaamd nodig is. Liefdadigheidsaksies het nodig geword weens ons samelewing se ongelykheid. Ons het herstelaksies soos liefdadigheid nodig weens die inherente swakhede van die kapitalisme," het mnr. Ishmael gesê.

Die Karnavalvoorsitter, mnr. McNally, beskou die karnaval as 'n konstruktiewe poging om uit te vind wat wel skort met ons samelewing. Die karnaval is noodwendig ook politiek van aard. Hy het beklemtoon dat dit nie druk op enigiemand probeer toepas nie.

"Daar word elke jaar aan die aard en werkwys van die karnaval gewerk en verander. Vanjaar poog die Natalse Universiteit om via sy karnaval die deelnemers en donateurs oor die werklikhede van die Suid-Afrikaanse samelewing op te voed," het mnr. McNally ten slotte gesê.

## Blanke tuisland kom onder loep

DIE eerste rondte van die J.C. Smuts-debatkompetisie vind tydens die week van 29 April tot 2 Mei plaas. Die onderwerp waaroor debatteer gaan word, is: "Soos die Suid-Afrikaanse politieke ontwikkeling huidige bestaan, regverdig dit nie 'n blanke tuisland nie." Dit staan enige persoon vry om deel te neem, hetsy as lid van 'n koshuisspan, of saam met 'n spanmaat van eie keuse.

Die semi-finaal vind op 13 Augustus plaas, en die finaal op 22 Augustus. Die laaste geleentheid sal bygewoon word deur die Rektor, die Vise-Rektor, Sir de Villiers Graaff, en moontlik ook deur dr. Van Zyl Slabbert. Adv. Christo Wiese sal die gasspreker wees.

Behalwe vir die Sir de Villiers Graaff-skild waarom meeding sal word, is daar ook verskeie beurse, boekpryse en etes op die spel.

Navrae kan aan Laurie Botha by Wilgenhof gerig word. Skakel 3470.

een-een aan die publiek nie. Kry u nie egter baie navraes hieromtrent nie?

Ja, baie. Ons geniet die ondersteuning van die kampus en daarom wil ons nou weer die kampus ondersteun. Om die rede het ons nou onlangs 'n kontrak met Stellenbosch Sport gesluit wat voortaan van ons produkte aan die enkeling kan lewer.

Die kampus is 'n groot maar beslis nie 'n ryk mark nie. Hoe kompenseer u hiervoor?

Tegnies moet ons produkte meer kos as gewone hemde in ander winkels, omdat dit spesialiteitsprodukte is. Dit is egter nie die geval nie. Daar is nie baie individuele geld op die kampus nie, maar aan die ander kant moet ons ook goeie salarisse aan ons personeel (13) betaal — dus 'n wiplank-effek. Te veel geld is tog nutteloos as dit net vir jouself is, daarom het ons besluit om self 'n laer inkomste te neem om so doende die pryse af te dwing.

Hoe sien mnr. Marrison die US-student?

Ek dink hy is 'n vrywillige, vormbare burger van die toekoms, omdat hy ook tyd-georiënteerd leef. Die meeste studente het 'n Christelike opvoeding en agtergrond, maar ek dink dat die mooi standaard wat ons en hul ouers daar gestel het verwaarloos word. Ek dink die US-student moet sy sokkies 'n slag in hierdie verband optrek.





SR EN INKATHA

Politieke hervormings moet vreedsaam wees



Mnr. Anton Steenkamp, redakteur van *Die Matie*, is hier aan die woord tydens die onlangse besoek aan Inkatha saam met die SR. Tweede van links is mnr. Francois Sieberhagen, een van die SR-lede.

SONDER opregte versoeningspogings tussen Suid-Afrika se mense, sal ons almal saam ondergaan. Dit was een van die sleutelgedagtes wat lede van die Stellenbosse Studenteraad en die Inkatha Jeugbrigade in hul groepsbesprekings tydens die afgelope SR-toer formuleer het.

Omdat mense polities, sosiaal en ekonomies verdeel is, moet 'n nuwe basis vir saampraat gevestig word. Sosiale en politieke verdeling lei tot vervreemding tussen mense. Dit is juis die werklikheid wat mense moet aanspoor om mekaar te leer ken, het die groep gesê.

anderling oor 'n langer termyn moet intree, is versoening tussen mense nou nodig.

Gediskrimineer

Inkatha-lede het in die groepsbesprekings punte uitgestip wat swartmense grief. Hulle glo dat hul swakker opvoeding, die maatreëls van instromingsbeheer, indiensnemingspraktyke en hul ongelike status voor die reg dringende aandag moet kry.

Baie swartmense verloor hul menswaardigheid omdat op alle vlakke van die samelewing teen hulle gediskrimineer word. Die regering moet nou 'n verklaring van voorneme uitreik sodat swartmense weer kan hoop, het verskeie jong swartes gesê.

Saampraat

Feitlik al die Inkatha-lede en 'n paar Stellenbossers het die gedagte van 'n nasionale

konvensie gesteun, waar al Suid-Afrika se inwoners saam 'n politieke toekoms kan uitwerk.

"Ons moet saamstem dat ons daar wel van mekaar sal verskil, maar dit mag nie ons saampraat verongeluk nie," het 'n SR-lid, mnr. Frank Raymond gesê. Ons moet erken dat baie mense verweg om die land saam te ontwikkel en nie toegee aan die vrese van vooroordeel nie, het hy gesê.

Sokratiese Vereniging toon besondere groei

DIE Sokratiese Vereniging beleef tans 'n besondere groei. Verlede kwartaal het meer as vyftig mense weekliks vir gesprekke oor "God is dood", vergader.

Dié lesings is aangebied deur prof. Degenaar van die Departement van Politieke Filosofie. Verskeie mense het gesê dat die kursus baie interessant was. Dit het onder meer lewendige bespreking in die KJA-blad, *Dinamiek*, uitgelok.

in die BJ Vorstergebou betaalbaar.

Die nuwe kwartaal is ingelei deur 'n gesprek oor die konsep Dekadensie: Wat behels die begrip, en wanneer word 'n kultuur dekadent? Die vergadering is deur 40 mense bygewoon, en die gesprek van mnr. Hattingh, lektor in die Filosofie departement, sal skriftelik aan belangstellendes beskikbaar gestel word.

Mense wat meer wil weet

oor kritiese gespreksvoering, kan later vanjaar 'n gesprek oor die vader van openbare gespreksvoering, Sokrates, bywoon. Enigeen sal dan kan kom sê wat hulle van die Sokratiese Vereniging verwag.

Verdere gesprekke sal moontlik oorsurrogaat-moederskap en Swart Teologie wees. Studente moet die kennisgewingsborde in die Neelsie vir datums en onderwerpe van bespreking dophou.

Versoening

In haar toespraak oor die realiteit van versoening het me. Annami Oosthuysen gesê dat die huidige staatsbestel noodwendig moet verander om alle mense te akkommodeer. Formele veranderings kan nie sonder versoening en 'n besef van medemenslikheid geskied nie.

In die groep was konsensus dat politieke hervorming vreedsaam moet wees en op 'n gesonde ekonomie moet rus. Terwyl strukturele ver-

Letoit sien homself as "kombuis-skrywer"

Faan Herholdt

"ALLEN as mense uit die kombuis en buitekamer saam skryf, is daar hoop vir die Afrikaanse letterkunde." Dit is wat mnr. André Letoit verlede Woensdagaand vir die Afrikaanse Studiekring gesê het.

Hy het lede van die ASK teen 'n agtergrond van varings, prente van eksotiese plante en kunswerke van natuurlike stowwe toegesprek. Die vergadering is in die lesingsaal van die Botaniese tuin gehou.

Mnr. Letoit het vier bewegings in die Letterkunde onderskei. Daar was die oorspronklike Taalstryd, toe die "Dertigers" wat die Taal moes vestig, waarna die Sestigters gevolg het. Hy kon nie veel nut sien vir hierdie bewegings nie.

Die dertigers het gewoon swak Letterkunde gelewer, terwyl die Sestigters te gebind was aan die destydse Europese letterkunde. Hul werk was meestal swak naboot-

sings daarvan, het mnr. Letoit gesê.

Hyself word teen sy wil onder die nuwe geslag skrywers ingereken, die sogenaamde Tagtigters. "Geesgenote" in die groep is Koos Prinsloo, Louis Krüger en 'n oud-redakteur van *Die Matie*, Etienne van Heerden.



Mnr. Letoit het 'n ander taalbeweging van die moderne tyd onderskei. Na aanleiding van die Nuwe Grondwetlike Bestel noem hy hulle die kombuis-skrywers. Hulle noem hy geesgenote van dié wat uitgelaat is, nl. die Buitekamer mense.

Mnr. Letoit het hier ver-

wys na die sogenaamde bruin en swart skrywers van die Afrikaanse taal. Hy reken homself in by die kombuis mense, "omdat Afrikaans as kombuistaal ontstaan het." Hy voel nie tuis by die burgerlike blankes in die voorkamer nie, omdat skrywers van naam daar in borsbeelde vasgevang gehou word, "maar eers na hul dood."

Tensy die jong skrywers met nugtere realisme oor die ervaring van die Suid-Afrikaanse samelewing begin skryf, voorsien mnr. Letoit die verwurging van ons taal deur die hande van nabootsers en stompsinnige kritici.

Mnr. Letoit was redakteur van die tydskrif *Tagtiger*, hy het reeds twee kortverhaalbundels die lig laat sien en sy nuwe digbundel, *Die Geel Kafee*, het onlangs by Perskor verskyn. Sy *Huisgenoot* stories is hoog aangepreys deur die skerpsinnigste Afrikaanse kritikus, prof. André P. Brink.

SPOG kyk na wette

SPOG bied op Maandag 29 April om 19h00 'n seminar oor "Die Individu en Veiligheidswetgewing" in die auditorium van die J.S. Gerickebiblioteek aan. Sprekers is: 1. Mnr. Willie Kuyler, NP-LP vir Roodepoort en senior woordvoerder oor Wet en Orde; Die aanbevelings van die Rabie-kommissie, hoe dit in Veiligheidswetgewing ver-

vat is en hoe dit deesdae toegepas word.

2. Mnr. Dennis Davis, Fakulteit Regte, UK: 'n Vergelyking tussen die Suid-Afrikaanse en soortgelyke stelsels, bv. dié van Israel. Regspunte word ook deur hom toegelig.

3. Dr. Don Foster, UK: Die sielkundige effek van aanhouding op die individu (na

aanleiding van sy navorsing). 4. Dr. I.J. Coetzee, Hoofdistriksgeneesheer, Kaapstad: Die rol van die medikus as kontrolemaatreël.

Die vergadering is geslote, maar die eerste twintig lede van die studente-unie wat hul name voor 14h00 op Maandag 29 April by die SR-kantoor inlewer, mag die geleentheid bywoon.

SR-toer (Vervolg van bladsy 1)

sprek. Dit het uit die bespreking geblyk dat baie studente wel 'n voorwaardelike oopstelling van universiteite voorstaan, maar nog nie bereid is om te sien dat persone van enige rassegroep onvoorwaardelik by enige universiteit toegelaat word bloot op akademiese meriete nie. Die inleidende spreker van RAU het beklemtoon dat 'n universiteit tradisioneel 'n bepaalde gemeenskap bedien en dat voorkeur verleen moet word aan lede van hierdie bepaalde gemeenskap.

Die rol van die Afrikaanse student in die strewe na versoening in Suid-Afrika is met die SR van die PU vir CHO bespreek. Groot meningsverskil het ontstaan oor die begrip "versoening": die Pukke wou in die eerste plek 'n versoening in Afrikanergeleedere sien, terwyl die Maties dit in breër landsverband bespreek het. Die kwesie van Stellenbosch se niegeaffilieerde status by die ASB het weer eens heftig van Potchefstroom se kant af onder skoot gekom.

In Natal het die SR besoek gebring aan die Stedelike Stigting en 'n vleisbraaiery saam met jeuglede van Inkatha geniet. 'n Formele bespreking met verteenwoordigers van Inkatha het die volgende dag plaasgevind (sien berig op hierdie bladsy).

Die toer is afgesluit met 'n skakelgeleentheid met onderskeidelik die SR van Pietermaritzburg en die Student Action Front. Die Pietermaritzburg-SR het dit duidelik gestel dat hulle 'n tweeledige funksie het, nl. administratief en verteenwoordigend. Hulle het gevoel dat die SR ook 'n baie belangrike politieke bewusmakingsrol op hulle kampus vervul. Op Stellenbosch, daarenteen, vervul SR nie die nie, maar die SP die politieke rol.



Volkskas het 'n Maak-'n-plan-diens vir elkeen van jou studentedae.

Losloopdae. Vasbranddae. Deurdrukdae. Dis studentedae. Maar studentedae beteken ook verantwoordelikhed teenoor jou studie en jouself, veral wat geldsake betref. En wanneer mens finansiële raad en hulp nodig het, is dit goed om te weet jy's 'n bankgenoot wat verstaan. Met 'n Maak-'n-plan-skema wat alles insluit wat jy nodig het. Studentelening vir daardie dankie-tog-nou-kan-ek-klaar-swot-dae. 'n Transmissierekening vir daardie ek-wil-graag-rente-en-'n-afrekkorder-he-dae. Telegrafiese geldoorplasinge vir daardie geldposisie-kritiek-stuur-asseblief-dringend-kontant-julle-seun-dae. 'n Uniplan-Kitsspaarrekening vir daardie toe-maar-on-kan-tot-negeur-by-my-Kitbank-gaan-geld-trek-dae. En nog baie meer in ons Maak-'n-plan-skema vir al jou studentedae. As jou geldsake hersiening nodig het, kom Maak-'n-plan by Volkskas. Die bestuurder van jou naaste tak sal jou graag help. Deur dik en dun.

Volkskas Beperk (Geregistreerde Handelsbank)



Jou bankgenoot deur dik en dun.



# Straatteater is almal se teater

DIE straatteater is hier om te bly! Uiteindelik slaag dié nuuttjie van die sewentigerjare daarin om ook by die Stellenbosse student byval te vind.

In die laat sestiger-, vroeë sewentigerjare het die straatteater, veral in Engeland en Amerika, begin posvat. Die doel? Om 'n verhoog beskikbaar te stel vir produksies, wat vanweë politieke inhoud of eksperimentele aard, nie in die konvensionele teater sou slaag nie.

Vertonings is op alle moontlike plekke gehou, van pakhuisse en kelderkamertjies tot die strate en oop ruimtes. Hoewel aandkonserte die algemeenste was, het die etensuurkonsert al meer gewild geraak onder "teatergangers".

Ons eie straatteater vergelyk in baie opsigte goed met soortgelyke teaters oorsee soos bv. die "off-Broad-

way" en "off-off-Broadway"-groepe in Amerika. Die hoofdoel en mikpunt bly steeds "vermaak" en in die straatteater beteken dit dat daar geen beperking op kreatiwiteit en denke geplaas word nie. (Klink radikaal, maar ons straatteater word nie verniet op die "Rooi Plein" gehou nie!)

Dit is gewoonlik die jonger "anti-Establishment" gehoor, wat oop is vir oortuiging en vernuwing, wat dié teater se banke (trappe?) vol sit. Heel moontlik omdat die snobisme en konvensionalisme van die tradisionele teater hier in die niet verdwyn.

Kortom: Straatteater is "less formal, less expensive and less comfortable!" As 'n mens egter op 'n Dinsdag om 12h45 oor die plein strompel, kan jy nie anders as om jou nuuskierig by 'n groeiende skare te voeg nie. Ja, die son bak later en die trappe raak


ook nie minder hard nie, maar wie kla nou oor 'n bietjie vermaak!

Stellenbosse Straatteater, geïnisieer deur Willem Smuts, is nou omtrent 'n maand oud en te oordeel aan die groot gehore het hierdie proeflopie duidelik gewys dat dit die moeite werd is. Die nuwe, informele styl van aanbidding maak dit vir die toeskouer moontlik om hom met die kunstenaar te identifiseer en dit lei tot 'n intiemer verhouding tussen gehoor en kunstenaar.

Dit is te verstane dat almal nie van alles gaan hou wat die teater aanbied nie, maar die mikpunt is om 'n ietsie vir elkeen te gee en om die meerderheid darem tevrede klas toe te stuur!

Enige iemand wat dus graag die kalklig wil steel — die rostrum is joune!

ANDRIA LUBBE



Straatteater bied aan elke student die geleentheid om informeel 'n toeskouer of deelnemer te wees, wat ook lei tot 'n intiemer verhouding tussen die kunstenaar en die gehoor. Dit verteenwoordig 'n baie belangrike ontwikkeling op teatergebied op die kampus.

## Aanslag teen teater-apatie

NADAT dit gebluk het dat daar 'n behoefte in die studente-unie bestaan aan informasie oor die Dramadepartement en sy bedrywighede, het die Kultuurkomitee die saak ondersoek. In 'n onderhoud wat Rosa Theron, ondervoorsitter van die Kultuurkomitee met Herman Pretorius, Dramadepartementshoof, gevoer het, het die volgende probleemareas aan die lig gekom:

In die verlede is die Dramadepartement se aanbiedinge uiters swak deur studente ondersteun. Mnr. Pretorius het daarop gewys dat studente eerder bereid is om Kaapstad toe te ry en opvoerings daar te gaan bywoon as om plaaslike produksies van uitstaande gehalte by te woon.

'n Verdere probleem wat geïdentifiseer is, is dat die huidige advertensiemetodes wat deur die Dramadepartement gebruik word, oneffektief blyk te wees. Studente lees nie die plakkaat en koerantberigte of advertensies nie, en is dus dikwels onbewus van opvoerings.

Die gedagte van 'n lys van belangstellendes aan wie 'n nuusbrief uitgestuur sal word — 'n tipe van "studentevriende van die teater" — is geopper. Mnr. Pretorius beskou koste nie as 'n wesenlike probleem nie, aangesien studentekaartjies goedkoper is as 'n kaart vir bv. die plaaslike fliel. Reekskartjies wat ook aangebied word, gee studente die geleentheid om vyf opvoerings teen R12 te sien — opvoerings wat hulle normaalweg R35 sou kos met die bykomende bonus van twee gratis vertonings, uitstappies en vooruitbesprekings.

'n Verdere ongewenste tendens in die teater is die verskynsel dat teatergangers apaties staan teenoor opvoerings waarin geen televisiespeel of wat nie komies is nie.

Tot dusver was nog net derdejaarseksamens vir die publiek oopgestel; voortaan sal die Dramadepartement die publiek ook in kennis stel wanneer ander studente fragmente of projekte opvoer, ten einde die publiek bloot te stel aan die ontwikkeling van dramastudente se talent. Hierdie tipe produksies word in die Kelder by die Dramadepartement opgevoer waar slegs sestig persone geakkommodeer sal word; teatergangers sal dus op 'n "first come, first serve"-basis geplaas word.

Enige persoon wat belangstel in verdere besonderhede oor teateraktiwiteite, kan vir Rosa Theron skakel by 2219 sodat 'n volledige lys van belangstellendes saamgestel kan word; hierdie persone sal dan nouer by hierdie aktiwiteite betrek word d.m.v. gereelde kennisgewings.

## Gala vir Niël

VIR diegene wat kla dat daar deesdae nie genoeg geleentheid is om werklik uit te hang nie, is daar Vrydag aand 26 April die ideale geleentheid daarvoor. Dié Kaapstadse komponis en sanger, Nataniël, tree Vrydag aand op tydens 'n gala-konsert in die Endler.

Die konsert vorm deel van 'n reeks promosie-konserte met die oog op die vrystelling van Nataniël se eerste langspeelplaat later vanjaar.

Nataniël word begelei deur Pieter van Zyl en trek op saam met gaskunstenaar Mariësa Laubscher en Tina Kalamaras. Die program sluit ook Nataniël se nuutste pop-suite BLUR in. Hierdie werk is soortgelyk aan THE INEXPLICABLE waarmee Nataniël twee jaar gelede staande ovasies uitgelok het. Hierin word hy bygestaan deur die sangeres Lize Thomas, sowel as die twee prysweners in die sangkategorieë van die afgelope SAUK-musiek kompetisie, Sonja Janse van Rensburg en Isabelle van Zyl. Hulle word begelei deur die pianis Johan Oberholzer.

Die bekende akteur, Gary Carter, en die sangeres Ayala Katz sal as aanbieder optree.

Die konsert, wat beloop om een van dié geleenthede van 1985 te wees, is 'n gesamentlike produksie van Musicultus, Nataniël-Promosies en Kraft. Dit begin om 20h15 en kaartjies is by die deur beskikbaar. Dié deure open om 19h30.



Hardy Botha beeld 'n wye reeks temas uit, van sirkustonele tot optogte, geweld en agressie. Soms word vervreemding ondersoek en menslike lyding opgehef en ondergeskik aan 'n uitbundige lewendingsdrif gestel.

## Kunststorm deur Hardy Botha

TENTOONSTELLING deur Hardy Botha in die Kunsmuseum van US vanaf 16 April tot 12 Mei.

Joie de Vivre is die beste beskrywing van die uitgestalde werke. 'n Kunstenaar met natuurlike talent bied hier 'n uitstalling met 'n uitbundige karakter aan wat moeilik is om te weerstaan.

Die skilderye behels 'n wye spektrum van ondersoek: van fantasieryke tonele tot by die tragiek in die lewe. Sy vroeëre werk toon 'n belangrike Picasso-invloed. Die algemene indruk is een van lewendige beweging en detail. Selfs by die meer rustige werke is daar baie diepliggende emosies betrokke. Sy dramatiese kleurgebruik dra ook by tot 'n warmte in die skilderye.

'n Oorsigtelike uitstalling, noem Hardy dit. Hy probeer daardeur analiseer in watter stadium hy in sy werk is, alhoewel hy voel dat dit effens verwaand is om dit in die

openbaar te doen. Dit lyk egter glad nie of die publiek hulle daaraan steur nie. Die reaksie was oorweldigend.

'n Belangrike kenmerk van Hardy se werk is dat hy voel dat baie van sy werk onvoltooid is. Die dinamiese karakter van sy werk is duidelik sigbaar. Die bewus wees van 'n konstante groei-proses laat hom dikwels aan sy skilderye verander.

Sy ouer skilderye word deur verbasende detail oorreikers. Dit was 'n suksesresep, maar nogtans het hy nie daaraan bly vaskleef nie. Sy nuwe werk het dikwels 'n sentrale verwronge beeld en is onmiddellik introspektief. Dit is duidelik dat sy werk nou meer gerig is op 'n beperkte, ingeligte gehoor.

CHRISTELLE BELLINGAN



Nataniël le Roux.

Foto: Milla

# Cobwebs

dorp st 14,5 stellenbosch

	kerse bierbekers aarbelle wynsakke teels bakkers draë blammetjies klerie mandjies
	
	
	glase skulpe geskenkpapier lieberman geelhout syserpe kaartjies silwer afdrukke

## U.U.B. VIR AL U

- ★ Boeke
- ★ Skryfbehoeftes
- ★ Afrolwerk
- ★ Bindwerk

**PLEINSTRAAT U.U.B.  
STELLENBOSCH FOON 70337**



## digters digters digters digters digters digters

**THE DRIFTERS**  
(Opgedra aan James Michener en al ander met hippies in ons harte)

ons dryf loslit deur  
god se lankal vrot vrug  
met gras  
sing ons van blomme  
en offer ons lywe  
sonder seremonie  
aan ons god van liefde  
wat nie meer bestaan nie  
wat ons vermoor het  
tot ons sonder Hom en sy boom  
die hoogtes gesien het.



# WANDA VAN ZYL U.S.-Dramastudent werk in wye medium

'n Profiel deur Christelle Bellingan.

WANDA VAN ZYL was tot aan die einde van 1984 'n student aan die Dramadepartement van die US en voltooi vanjaar haar B-graad. Gedurende haar kursus verskyn sy in 'n groot aantal produksies van die Dramadepartement, voltooi 'n rolprent, *Eendag vir Altyd*, 'n televisiereeks, *Die Seeduiker*, en werk ook aan die film *Chaka Zulu*. Sy werk saam met bekende Suid-Afrikaanse regisseurs soos Chris du Toit en Jan Engelen. Wanda verskyn op die oomblik in die produksie van *Macbeth* in die Kleintheater.

CB: Van wanneer af stel jy in drama belang?

WvZ: So lank as wat ek kan onthou wou ek drama my loopbaan maak. Toe ek vyf jaar oud was, het ek ballet begin neem, en in Sub. B al met dramaklasse begin.

CB: Het jy na skool jou ballet gestaak?

WvZ: Ek het my voet gebreek en kon vir 'n ruk nie daarmee aangaan nie, veral nie met klassieke ballet nie. Ek neem egter weer klas en stel baie belang in Jazz. Ek sal ook graag drama en ballet wil kombineer.

CB: In watter werk (tipe) stel jy die meeste belang?

WvZ: Teater self het vir my die grootste aantrekkingskrag. Ek is op die oomblik by 'n produksie van *Macbeth* betrokke en beskou Shakespeare as fundamenteel. Ek hou ook baie van absurde werk, soos dié van die skrywer, Sam Shepard.

CB: Vertel my meer van die film waarin jy gespeel het. Eendag vir Altyd.

WvZ: Dit was 'n totaal nuwe ondervinding, iets waarmee ek nog nooit tevore kennis gemaak het nie. Ek was nie baie tevrede met my spel nie, maar ek het baie geleer daaruit. Dit is 'n baie meer subtiele medium as die

teater en ek is nie baie mal daaroor nie.

CB: Watter tipe werk sal jy graag in die toekoms wil doen?

WvZ: Ek wil my grootliks bepaal by intieme teater. Ek sal baie graag in New York wil gaan werk, hulle is baie meer eksperimenteel met teater as in Suid-Afrika.

CB: Watter mense of akteurs beskou jy as inspirasie en saam met watter regisseurs sal jy graag wou werk?

WvZ: Mense soos Marlon Brando en James Dean is en was vir my ongelooflike akteurs. Wat filmregisseurs betref, het ek baie groot agting vir Ingmar Bergman. Veral sy vroeër films is ongelooflik. In Suid-Afrika is daar Manie van Rensburg en Bill Faure. Saam met laasgenoemde het ek onlangs gewerk.

CB: Vertel ons meer van jouself as aktrise?

WvZ: Ek vind dit maklik om woorde te onthou, maar soms raak ek heel paranoïes as ek begin om aan 'n rol te werk. Soms raak ek egter ook te veel by 'n rol betrokke. Dit pas by my siening dat 'n mens moet probeer leef wat jy doen.

Ek dink die teater-omgewing in die Kaap is effens neerdrakkend omdat 'n mens as nuweling ontsettend moeilik werk kry. Oudisies word baie selde aan almal oopgestel.

Ek voel ook dis soort-van my plig om te sê dat die toneelwêreld nie 'n glansryke werk is nie. Almal sien net die beroemdheid en nooit die harde werk en die amper lyding nie. Filmwerk kan jou tot 18 uur per dag besig hou en dan moet jy nog by die huis jou werk deurgaen. As jy egter toegewyd is, is dit die moeite werd om dit waarvoor jy lewe, te doen. □



Wanda van Zyl dink dis die moeite werd om jou toe te wy vir dit waarvoor jy lewe.



### L'ART INTRODUCES: DYLAN THOMAS

THESE words were once said to an audience in Rome: "One: I am a Welshman; two: I am a drunkard; three: I am a lover of the human race, especially women," by Dylan Thomas.

Dylan Thomas was one of the new generation of creative poets and prose-writers that emerged in Wales in the 1930s. Prior to the twentieth century there had been no Welsh writers of tremendous impact on the rest of the world. He can be said to be the only Anglo-Welsh poet this century has produced to reach international fame.

Born in Swansea, an industrial city in Wales, in 1914 to Welsh-speaking parents, Dylan Thomas never spoke the language himself but had a good understanding of it. Although not a strong child, he was venturesome, happy-go-lucky and full of life. He spent many of his holidays on his aunt's farm in Wales. Many of his poems extend this love for life which he found especially on the farm.

There was another side to his nature which was sensitive and devoted to the art of poetry.

During his teens he spent many months in bed due to recurrent illness. In later years he was again dogged by illness, tuberculosis this time, and escaped National Service because of a scarred lung.

Dylan Thomas started writing verses at 8, entered the Grammar School at 11. By his early teens he had decided his vocation was that of a poet. Academically he was a failure, and left school at 17, having passed no exams. The only subject he was interested in was English.

Because he had a hypersensitive nature, he found the need to acquire an outward assurance to hide this vulnerable, private part of himself. He did this by adopting the usual Bohemian

mian gestures; drinking, colourful clothes and the rôle of poet and *enfant terrible*.

After leaving school he became a reporter on a Welsh paper where he worked for a year and a half. His drinking started then. Thomas was influenced by Welsh Radicalism, and although he was a Communist Party member for a short while



Dylan Thomas, a Welsh Radicalist poet.

only, he held a left wing attitude his whole life.

In 1936 he moved to London because he wanted to become established as a poet, and because he felt oppressed by the Welsh Puritanical code. He began publishing in the 1930s, but from the beginning was neither a political nor an intellectual poet. He was awarded the William Foyle Poetry Prize and the Etna-Taormina International Prize in Poetry in 1953. In London, he had a reputation as a poet, writer and broadcaster as well as that of a spendthrift and drunkard.

He had been longing for Wales and home, when he died in New York in November 1953 while on a poetry recital tour.

# Slegs vir Almal skop

SLEGS VIR ALMAL deur Hennie Aucamp, regie deur Herman Pretorius. In die H.B. Thom-teater. Tot 20 April.

'n Goeie kabaret is soos witblits: jy raak dronk van lekkerkry, maar dis eers met jou nadors wat jy besef hoé sterk hy skop.

SLEGS VIR ALMAL is so Afrikaans soos Witblits. Die kabaret laat nie 'n steen onaangeroer nie — die volksmoeder, die rassie, die akademikus, die kugel en die moffie loop almal deur — in hul Suid-Afrikaanse hoedanigheid. By hulle almal is vrees en selfsg te bespeur. Want, sê Aucamp, "Kabaret" hou hom hoofsaaklik besig met die sewe doodsondes. SLEGS VIR ALMAL is 'n kabaret oor selfsg, daardie allerminlikste impuls, inbegrepe by elke enkele doodsonde. . . ."

Hebsug, afguns, hoogmoed, woede, luiheid, vraatsug en wellus oorheers dan ook die gebeure, en afbeeldings van dié sondes kyk saam met Mefisto toe.

Die afbeeldings is maskerontwerpe uit *The Tragical History of Dr. Faustus*. Nie verniet nie: ook hier word siele verkoop. In dié spel van Ek-kologie moet die mens . . . die self aflê om die self

te behou." Sinies soos dit klink, raak dit ook tog optimisties.

Vanaf die struweling om mag, verwarring, slegs dames/slegs blankes word daar geskuif na 'n slegs vir ALMAL, na die spontane saamsing van *Die Dood van die Uil* deur die verskillende groepe, na die hoogtepunt van gemeenskaplikheid in die slotsang, ". . . Tog het ons bontheid suiwer binding/ daar uitstyg bo Partybevin-ding:/in ons — nie hierdie — droewe land / is Vaalpens, Rooinek, Houtkop, Boer/is mansmens, vroumens, moffie, hoer/aaneengestreg:/ die selfde moer:/ . . . /ons leef en sterf in een verband:/dié wye, droewe suiderland. . . ."

Dit is jammer dat die boodskap van die slotsang nie duideliker oorgedra is nie. Ek verwys hier na wyse van voordrag. Die teks hier verduidelik in die musiek en ywerige aanbieding.

Dit is egter al kritiek wat ek op die akteurs sou wou lewer. Hulle spel is deurgaans van topgehalte, in ag genome dat die kabaretmedium totaal nuwe eise aan die studente-akteur stel. Marion Holm en Casper de Vries moet uitsonder word vir hulle sprakelende spel. Treffertonele is "Die Groot Wedstryd", asook hulle onderskeie voorstellings van oumas.

Een van die hoogtepunte in die kabaret is die toneel waarin Marion en Ilona Frege as twee ou vrouens die kelner in 'n kroeg "tjaaf" en die een die ander vertel van die "stuk" wat sy die vorige aand gesien het. Gideon Kili en Gustav Geldenhuys se *Nagwag*-toneel het ook opgeval.

Dat beide die regisseur en die akteur 'n helder begrip het van die kabaret, blyk uit die skerpsinnige voorstelling van stereotipes en komposisies soos die Vrouemonument na die satirisering van die volksmoeder.

SLEGS VIR ALMAL is so plesierig soos witblits. Dit reik egter verder: dis nie ouwêrelds en agter 'n taai bos versteek nie, maar oop, oopkrapperig en aktueel. Dit skop!

SLEGS VIR ALMAL word van 3-15 Junie in die Nico Malan-Arena opgevoer.

## Kunskalender

### TEATER

Nico Malan  
Bremen Coffee van R.W. Fassbinder

### MUSIEK

Endlersaal  
29 April Die KRUIK-orkes o.l.v. Günter Lehmann met Ansi Verwey (orrel). Bach, Händel en Brahms.  
4 Mei US-strykensemble o.l.v. Eric Rycroft. Händel, Warnock, Grieg en Temmingh.  
28 April Petrus van Heerden (tenoor), Gwyneth Lloyd (sopraan) en Esmé Krause (klavier).  
5 Mei Magdalena Roux (Tjello) en Marijke de Villiers (klavier).  
Nico Malan  
26 April en 1 Mei La Traviata

25 April tot 11 Mei Spartacus

19 Mei Magic of Mantovani

### FILMS

Nico Malan  
22 April — 18 Mei Carmen en Blood Wedding  
30 April en 6 Mei Beauty and the Beast en Max Havelaar  
27 April The Magic Flute (Ingmar Bergman)  
2 Mei Daniel takes a train  
25, 29 April Me, Chiara & Scuro (The Pool Hustlers) Cape Town International Film Festival  
Stellenbosch Cine 1:  
25 April — 4 Mei  
Baxter: 25 — 27 April  
Labia: 25 April — 4 Mei  
Besonderhede by Computicket en Cine-kaartjiesloket



ROBIN AULD en Z-ASTAIRE met LIQUORICE ALLSORTS (THREE ARTS)

Liquorice Allsorts: 'n Britse groep opkunstenars wat o.a. vir Boy George, Rod Stewart en Tina Turner na-aap.

Robin Auld en Z-Astaire: Die groep met die mees merkwaardige verskyning ooit op Pop Shop — merkwaardig omdat hulle daarin geslaag het om te sing en te speel SONDER DAT 'NENKELE NOOT GEHOOR IS! As 'n encore die volgende week het hulle dieselfde nummer herhaal, hierdie keer met oordonderende klank.

Soos elke ander Stellenbosse Student (die mens, nie die jaarblad nie) doen ek alles met voorbedagte rade, verskeie bybedoelinge en vir effek. Ek het na hierdie konsert gegaan om my aan oudio-visuele genietinge te vergryp, maar in die proses is my brood aan albei kante gebotter en toe geteer.

DIE JOINT. Ek praat van die Three Arts. Ek praat van kuuwe oor gesigte vasgegom, gejel en gemousse en waargter oë angstig rondsoek na ander agente van die libido. Ek praat van kieste ingesuij sodat die binnekante aan mekaar raak.

WAT DE HEL IS AAN 'N GANG? Ons weet al-

mal haarmousse is die grootste uitvindsel sedert die Venesiese gondel, maar hoe is dit moontlik dat hierdie gedraentes en gedaantes met hul bizarre haardosse so éénders lyk in hul andersheid? Kyknamykyknamykyknamy is die klanklose kreet wat teen die lapbedekte teatermuur weergalm. Ek voel-voel aan my skoongewaste, onbehandelde hare en laat my kop in skaamte sak. Toe ek hier aangeland het, het ek gedink ek is die prins. Nou weet ek ek's Aspoester.

DIE SHOW. Met die uitsondering van enkele verdienstelike (en meestal Swart) plaaslike kunstenaars, kom alles wat in ons land goed is, van elders. Selfs die gemors wat ons van oorsee invoer is beter as ons eie gemors. Liquorice Allsorts doen hulle impersonasies heel professioneel. Dis vermaaklike nonsens wat sekondes later verdamp en vergete raak. Toe Robin Auld en Z-Astaire op die verhoog verskyn, staan almal op. Ek ook, want ek moes. As ek bly sit het sou ek niks kon sien nie. "My hemel, maar eerwaarde Hendrickse het maer geword," dink ek toe ek die groep sien, maar besef toe, nee, dis Robin Auld. Hy lyk soos 'n regte surfer en hy scheme hy's only kief, hey.

Die teenyboppers in die gehoor thkree en thkree hulle-thelf thiek. Die kitaarspeler staan permanent krom — ek was deurentyd onder die indruk dat hy gebreklik is tot dat hy aan die einde van die vertoning orent gekom het, en saam met die lang Auld lyk hulle meer na 'n Ikebanarangskikking as na 'n rockgroep. 'n Mens moet egter nie 'n Huisgenoot volgens sy omslag oordeel nie en in elk geval, wat van die musiek? AHA! Op die verhoog is die groep verlore sonder die studiotruuks wat hulle laaste plaat meer luisterbaar gemaak het. Hulle swaai hulle arms en speel tandelose mediodieë met onhoorbare lirieke en lang kitaarsolo's en vertel vir ons hoe lief hulle ons almal het en hel, dit was vervelig.

C'EST LA VIE!  
Die malende menigte wat aan die einde deur die deure gesyfer het, het my weer eens laat sidder voor die mag van die moussekan en ek is verbitterd huis toe. Sake is nie bevorder deur die paartjie wat ineengestrengel voor my gestaan en met tonge in mekaar se monde rondge-soek het nie. Ek weet ons moet mekaar liefhê, maar is dit nou nodig?

Ek dink ek wil 'n non word. □

MARINUS 'NON' RAVENSTEIN



Robin Auld himself.

ONTHOU!!  
Filmfees by  
Cine 1



SPECIAL  
GRAMMY AWARD WINNER  
AMADEUS  
MOZART'S MUSIC FROM  
THE MOVIE  
NEVILLE MARRINER  
Conducts the  
ACADEMY OF ST. MARTIN  
IN THE FIELDS  
19.50  
DROSTDY CENTRE  
RECORD & CASSETTE

You'll find more at...  
Musica  
STELLENBOSCH TEL. 72002

L' Auberge Provençale  
FRENCH RESTAURANT

**SUNDAY NIGHT  
IS  
PIZZA NIGHT**

CHOOSE YOUR OWN  
PIZZA AND FRENCH SALAD  
FOR ONLY R5,00 AND  
LISTEN TO LIVE MUSIC

OPEN 7 DAYS A WEEK

DROSTDY CENTRE, Cnr. BIRD &  
ALEXANDER STREETS, STELLENBOSCH  
TEL. (02231) 71942





**Die Matie**

Donderdag, 25 April 1985



## Gespreksweiering stel teleur

DIS teleurstellend dat die studenterrade van die Universiteit van Witwatersrand en Natal (Durban) geweier het om op die pas afgelope Studenteraadstoer amptelike gesprekke (met die Stellenbosse SR) te voer, tensy aan sekere voorwaardes voldoen word.

Tot 'n mate is hul standpunt verstaanbaar: Pres. P.W. Botha is die kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, sowel as leier van die regerende Nasionale Party; as gevolg van wetgewing deur hierdie regering ingestel word sommige Suid-Afrikaners hul vryheid van spraak ontsê; dus is die Wits- en Durban-studenterrade net bereid tot amptelike skakeling op voorwaarde dat Stellenbosch se SR apartheid en die kanselierskap van pres. Botha verwerp.

Ware vryheid van spraak lê egter nie in voorwaardelike samesprekings nie. Daar is reeds verskeie male in hierdie kolomme verwys na die waarde van oop gesprek; vir ware oop gesprek kan nie voorwaardes gestel word nie. Dit moet juis 'n bereidheid weerspieël om te luister na alle belanghebbende standpunte, ook dié wat met joune verskil.

In Suid-Afrika heers tans 'n toestand van toeneemende geweld. In plaas daarvan om voorwaardes te stel, moet mense met uiteenlopende standpunte juis in gesprek tree en probeer om vreedsame oplossings te soek. 'n Weiering hiervan lei net tot verdere onderlinge wantroue.

Hierdie Nusas-geaffilieerde studenterrade kan gerus let op die voorbeeld van die erepresident van Nusas, dr. Beyers Naudé, wat onlangs 'n uitnodiging aanvaar het om 'n Rapportryerskorps toe te spreek.

## SP-ondersoek verwelkom

DIE kommissie wat aangestel is om ondersoek te doen na die struktuur van die huidige SP-stelsel, sal wyd verwelkom word.

Dit is geruime tyd reeds duidelik dat daar gebreke in die stelsel is, hoe werkbaar dit ook al teoreties mag lyk. Probleme waarna gekyk sal moet word, is onder andere die apatie teenoor die SP van vele bekwaame studenteleiers, die disproporsionele verteenwoordiging van koshuis-teenoor privaatstudente, die politieke rol van die SP en SR, en die kwessie van die verkiesing van die SR deur die SP of die studente-unie.

Die feit dat daar vir die eerste deel van verlede Dinsdagaand se SP-vergadering nie eers 'n kworum teenwoordig was nie, is reeds genoegsame bewys dat die stelsel nie gesond is nie. Die kommissie het 'n belangrike taak om diepgaande selfondersoek in te stel en verbeteringe aan te bring waar nodig.

## Matie-redaksie

HOOFREDAKTEUR: ANTON STEENKAMP, Merrimanlaan 62 (Tel. 6448)  
 REDAKSIEKANTOOR: LTD-gebou nr. 0024 en 0025 (Tel. 72332 en 5979)  
 SEKRETARESSE: SONIA LOUW, Nerina (Tel. 2018)  
 BOODSKAPPE: Sekretaresses, SR-kantoor, LSS (Tel. 70138)  
 ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR: RIAAN SMIT, Andringastraat  
 ADVERTENSIEBESTUURDER: JANNIE NEL, Merrimanlaan 62 (Tel. 6448)  
 HOOFNUUSREDAKTEUR: ERIC LE GRANGE, Huis Marais (Tel. 2287)  
 AKTUELE REDAKTEUR: LOU-MARIE KRUGER, Pieke-woonstel nr. 5 (Tel. 9882)  
 NUUSREDAKTEUR: MARISA HONEY, Brandwachtstraat 91 (Tel. 4541)  
 SPORTREDAKTEUR: DAVID V.D. WESTHUYZEN, Dagbreek (Tel. 71002)  
 KUNSREDAKTEUR: ANSO VAN ZYL, Avalon, Posbus 83, Koelenhof (Tel. 903-1063)  
 SOSIALE REDAKTEUR: CHARL DU PLESSIS, Brandwachtstraat 32 (Tel. 024-36481)  
 INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR: OCKIE DUPPER, Liebenhof 18 (Tel. 4838)  
 TAALREDAKTEUR: CHARL HATTINGH, Helshoogte (Tel. 71312)  
 ASSISTENT-TAALREDAKTEUR: Louis van Wyk, Eendrag (Tel. 72610)  
 HOOFFOTOGRAAF: MICHAEL VENTER, Dagbreek (Tel. 71002)  
 SPOTPRENTTEKENAAR: ADRIAN LOUW, Majuba (Tel. 2010)  
 SUB-REDAKTEURS, NUUS: Jeanne Cilliers en Chris Barnard  
 NUUSVERSLAGGEWERS: M. du Toit, E. Wessels, S. Malherbe, J.P. Nel, P. de Vos, J. du Plessis, I. Cilliers, R. Nel.  
 SUB-REDAKTEUR, SPORT: Robert Bricout  
 SPORTVERSLAGGEWERS: J. Strauss, L. Kriel, F. v.d. Bank, C. Theron, S. Langford, O. Heath  
 SUB-REDAKTEUR, KUNS: Dorrieh Elahi  
 KUNSVERSLAGGEWERS: S. Brits, S. Pauw, M. Visser, C. Belligan, A. Lubbe, L. Poorter, R. du Preez  
 SUB-REDAKTEUR, SOSIAAL: Nicolette Louw  
 SOSIALE VERSLAGGEWERS: F. Brand, M. van Broembsen, E. Hamman, S. Terblanche, N. Strauss  
 SUB-REDAKTEUR, INTER-UNIVERSITÊRE: Vakant  
 INTER-UNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS: S. Herholdt, S. Mathews, J. Grobler, M. Truter, F. Beukman, P. Plougmann



Alle mans onder 55 wat permanent in Stellenbosch en omgewing woonagtig is, is in kennis gestel om te registreer vir Operasie Buttermilk — *Die Matie* wonder wat die effek op die S.A.W. gaan wees!

## PROF. A.B. DU TOIT U.S.-politiek soos toeskouersport

"DIE deelname van die Stellenbosse student aan die politiek is soos dié van 'n toeskouer: abstrak en van 'n kennisnemende aard eerder as wat stelling ingeneem en opgetree word." Prof. André du Toit, reeds 15 jaar professor in die Politieke Filosofie aan die US, het met *Die Matie* gesels oor hoe hy studente-politiek ervaar, hoe hy sy eie rol in die politiek sien en hoe hy van die nuutste verwickelinge in die Suid-Afrikaanse politiek ervaar. Professor Du Toit is ook mede-redakteur van *Die Suid-Afrikaan* en voorsitter van die US-Filmvereniging.

In u boek *Die Sondes van die Vaders* beskryf u die Afrikaanse jeug as betreklik oningelig wat politieke sake betref en ook as politieke naïef. Hoekom sê u so?

Dit is maar gewoon die slotsom waartoe ek kom op grond van die ervarings wat ek met Stellenbosse studente gehad het en gesprekke wat ek met Engelse en swart studente van tyd tot tyd gehad het, aangevul met leeswerk. Dié indruk mag korrek of foutief wees. Ek mis dikwels by Afrikaanse studente 'n mees elementêre begrip vir die Suid-Afrikaanse politieke situasie, 'n begrip van hoe die politiek werk.

Wat is, volgens u, die redes vir hierdie politieke naïewiteit of gebrek aan politieke bewussyn?

Ek sou twee dinge noem. Eerstens die apartheid-struktuur: as jy tot die bevoorregte blanke klas behoort, leef jy in 'n geïsoleerde wit wêreld waarin jy jou nie hoef besig te hou met die politieke kwessies waarmee die res van die mense moet worstel nie. Hierdie politieke kwessies word ook nie onder jou aandag gebring nie: nie in die skool waarna toe jy gaan nie, nie in die koerante wat jy lees (as jy koerante lees) nie en nie op die televisie nie.

Tweedens is dit nie vir jou nodig om bewus te word van hierdie kwessies nie. As jy vandag 'n swart hoërskoolkind is wat klaar maak met skool, is dit vir jou 'n lewensgroot vraag: Waar gaan jy werk kry? Watter werk is daar? Jou hele lewensvooruitsig hang saam met omstrede kwessies in die politiek. Jy kan nie anders as om daarvan kennis te neem nie. Vir die blanke jongmens is dit nie nodig om op hoogte te kom van en te worstel met hierdie probleme nie.

Sou dit ook die verskynsel verklaar dat op

Stellenbosch die kwessies wat op die grootste konflik uitloop gebeur soos doop is; terwyl by UWK en UK is die konflik wat daar is primêr as gevolg van kwessies uit die Suid-Afrikaanse politiek?

Dit is 'n baie komplekse verskynsel. Daar is verskillende vlakke waarop politiek bedryf word. Daar is aan die een kant die interne universiteitspolitiek en dan die meer nasionale politieke kwessies. Op beide vlakke, sou ek sê, is daar 'n verskil tussen die politieke kultuur van die Afrikaanse universiteite en ander universiteite in Suid-Afrika.

'n Mens sou nie net 'n eenvoudige tweedeling kan maak nie. Daar is 'n hele spektrum waarop jy aan die een uiterste kry universiteite waar nóg lokale interne politiek nóg nasionale politieke kwessies ooit aan die arde van die dag kom. Aan die ander uiterste is daar van die swart universiteite wat steeds weer gesluit moet word omdat óf 'n lokale kwessie óf 'n nasionale kwessie tot ekstreme konflik gelei het.

By Stellenbosch soos ek hom ken, is daar op albei vlakke relatief min eksplisiete politieke konflikte of debatte.

U het nou gesê dat die politieke kultuur van verskillende universiteite verskil. U het verwys na die mate waarin politieke konflik plaasvind by verskillende universiteite. Verwys die verskil in politieke kultuur waarvan u praat ook na die verskillende wyses waarop konflikte tot uiting kom?

Ja, ek dink dieselfde kwessies wat by UK en UWK op betogings of boikotte sal uitloop, sal op Stellenbosch in 'n ander vorm weerspieël word. Daar sal bv in *Die Matie* daaraan aandag gegee word, kommentaar gele-

wer word en struweling sal op dié vlak plaasvind.

Op Stellenbosch is die mees tipiese vorm wat studente-politiek aanneem, dié van 'n toeskouersport. Dit neem m.a.w. die vorm aan van organisasies soos SAAK en SPOG. Daar is politieke belangstelling en politieke kennisname. Deelname is egter meer van abstrakte kennisnemende aard as wat daar stelling ingeneem en opgetree word. Dit lyk of Stellenbosse studente nie die nodigheid vind om politieke handel, om op tree en te organiseer nie.

In die laaste 20 jaar het studente-organisasies soos NUSAS en SASO 'n baie belangrike aktiewe rol op die Suid-Afrikaanse politieke toneel gespeel, maar die Afrikaanse student (en sekerlik nie die Stellenbosse student nie) het nie op daardie manier 'n inset gedoen en aktief opgetree nie.

Hierdie abstrakte en kennisnemende politieke deelname is nie noodwendig sleg nie. Dit beteken egter dat die probleme wat op verskillende universiteite ontstaan baie verskil. By UWK is dit bv. 'n akuele kwessie of die universiteit voor die einde van die jaar sal moet sluit. By UK is die groot probleem vir die owerhede hoe hulle moet optree as die studente in konflik kom met die Staat en veral die Veiligheidspolisie. Hierdie soort probleme bestaan eenvoudig nie op Stellenbosch nie.

Waarom bestaan hierdie politieke kultuur op Stellenbosch?

Daar is natuurlik 'n geweldige stuk geskiedenis en tradisie en denkwyses daaragter. Ek sou sê een van die redes is dat Stellenbosch geskakel is met die politieke maghebbers. Dit was nie altyd so nie. Op 'n stadium was die US in 'n opposisierol t.o.v. die regering. Toe was die politieke kultuur ook anders. Voor

## Matie Gesprek

Lou-Marie Kruger gesels met



Prof. A.B. du Toit

1948 was daar by die slag van Andringastraat waar studente gewoon in openlike fisiese konflik met die bruin gemeenskap gekom het.

Afgesien daarvan het jy ook dat die dominante politieke kultuur 'adisie' 'n paternalistiese een is. Hierdie paternalistiese tradisie staan teenoor 'n demokratiese gelykheidsrelasie. Dit is 'n ongelyke verhouding waarin owerheid sorg dra vir student en in ruil daarvoor lojaliteit en dankbaarheid verwag. Dit is 'n vertrouensrelasie. Die universiteit word dus as 'n groter familieverband gesien. Die studente maak dus nie aanspraak op sy regte nie; hy het vertroue in die owerheid. Hy word nie gesien as iemand wat 'n volwaardige rol in die politiek speel nie; hy moet beskerm word deur die owerheid. Solank hierdie paternalistiese verhouding bly staan, sal die struktuur van die studente-politiek anders wees as by bv. Kaapstad. Daar was so 'n paar momente in die afgelope paar jaar waar dit gelyk het of die paternalistiese ethos van die studente-politiek kragies vertoorn maar oor die algemeen sou ek sê beweeg ons nog altyd binne daardie paternalistiese uitkyk.

Watter rol dink u kan u speel as politieke filosoof, en dan spesifiek as dosent in die politieke filosofie, t.o.v. verandering in Suid-Afrika?

Jy kan hierop antwoord deur te sê deur die opleiding wat jy gee, speel jy 'n rol. Ek sou 'n baie sterk onderskeid wil maak tussen ideologiese indoktrinering, wat ek vir geen oomblik as my plig of taak sien nie, en die politieke bewusmakende funksie in die algemeen. Wat die bydrae daarvan is en of mense enige bydrae wat dit het t.o.v. verandering kan identifiseer, is moeilik om te sê. (Vervolg op bladsy 1)




Moenie die beste internasionale rolprente van 1985 misloop nie!

# DAS BOOT IST VOLL

EIN FILM VON MARKUS IMHOOF

MIT TINA ENGEL, CURT BOIS, RENATE STEIGER, MATHIAS GNÄDINGER, GERD DAVID  
MICHAEL GEMPART, HANS DIEHL, MARTIN WALZ, SIMONE UND LAURENT  
KAMERA: HANS LIECHTI/SCHNITT: HELENA GERBER

CANNES EN BERLYNSE  
FILMFEES WENNERS :  
A SUNDAY IN THE COUNTRY  
(Cannes, Beste Regisseur, 1984)  
YOL  
(Cannes, Beste Film, 1982)  
THE BOAT IS FULL  
(Berlyn, "Silver Bear", 1982)



KONTEMPORÊRE MUSIEKFILMS :  
ZIGGY STARDUST and the Spiders from Mars (met David Bowie)  
THE BEACH BOYS : An American Band  
MISSISSIPPI BLUES (Bertrand Tavernier, 1984)



**REPO MAN**

WEEK 22 - 27 APRIL

WEEK 29 APRIL - 4 MAY

Mon 22.4	16h30 Mississippi Blues (107 mins)	Mon 29.4	15h30 People of the Great Sand Face (107 mins)
	17h30 The Boat is Full (89 mins)		17.30 Comfort and Joy (80 mins)
	20h00 The Mystery of Oberwald (127 mins)		20h00 Not for Publication (88 mins)
	22h15 Ziggy Stardust and the Spiders from Mars (90 mins)		22h00 The Beach Boys - An American Band (103 mins)
Tue 23.4	16h30 Tartuffe (140 mins)	Tue 30.4	15h30 Tsameria (84 mins)
	18h00 Dietrich Bonhoeffer: Memories and Perspectives (88 mins)		17h30 The Birch (98 mins)
	20h00 Nostalgia (120 mins)		20h00 Sunday in the Country (84 mins)
	22h15 Not for Publication (88 mins)		22h00 Repo Man (92 mins)
Wed 24.4	15h30 Eastern and Western Animation (90 mins)	Wed 1.5	15h30 A Midsummer Night's Dream (77 mins)
	17.30 The Future of Emily (107 mins)		17.30 Ziggy Stardust and the Spiders from Mars (90 mins)
	20h00 Scarred (85 mins)		20h00 The Mystery of Oberwald (127 mins)
	22h00 Repo Man (92 mins)		22h15 Mississippi Blues (107 mins)
Thurs 25.4	16h30 North American and Asian Animation (90 mins)	Thurs 2.5	15h30 Dietrich Bonhoeffer: Memories and Perspectives (88 mins)
	17h30 The Way (111 mins)		17h30 Not for Publication (88 mins)
	20h00 Sunday in the Country (84 mins)		20h00 The Way (111 mins)
	22h00 A Midsummer Night's Dream (77 mins)		22h00 The Beach Boys - An American Band (103 mins)
Fri 26.4	15h30 French Animation (90 mins)	Fri 3.5	15h30 The Birch (98 mins)
	17h30 Nostalgia (120 mins)		17.30 Scarred (85 mins)
	20h00 The Mystery of Oberwald (127 mins)		20h00 The Colour of Pomegranates (73 mins)
	22h15 Repo Man (92 mins)		22h00 Angel (129 mins)
Sat 27.4	15h30 The Boat is Full (89 mins)	Sat 4.5	15h30 Tartuffe (140 mins)
	17h30 The Future of Emily (107 mins)		18h00 Improper Conduct (114 mins)
	20h00 The Colour of Pomegranates (73 mins)		20h16 The Birch (98 mins)
	22h00 Angel (129 mins)		22h15 Ziggy Stardust and the Spiders from Mars (90 mins)



9TH

# THE CAPE TOWN INTERNATIONAL FILM FESTIVAL

OOK IN STELLENBOSCH

22 APRIL-4MEI (CINE 1) Bespreking oop vanaf 10 April-Volledige programme en rolprentroosters nou beskikbaar by Cine 1

**"OFF-BEAT" KOMEDIES :**

NOT FOR PUBLICATION (Paul Bartel)  
COMFORT AND JOY (Bill Forsyth)

**LET WEL :** Besprekings vir vertonings in Kaapstad — alleen by COMPUTICKET

Aangebied deur die Film Opvoedkunde Eenheid (UK)

**KLEM OP VROUE REGISSEURS :**

THE BITCH (Christine Pascal, Frankryk, 1984)  
THE FUTURE OF EMILY (Helma Sanders-Brahms, Wes Duitsland, 1984)  
SCARRED (Rose-Marie Turko, USA, 1982)

From Director PAUL 'Eating Raoul' BARTEL comes a tale of gutter journalism, corrupt officials, shameless sex and funny costumes!



**NOT FOR PUBLICATION**

NANCY ALLEN/DAVID NAUGHTON and LAURENCE LUCKINBILL

NOT FOR PUBLICATION

FOR THE FIRST TIME IN A 35mm COLOUR PRINT  
THE SUPPRESSED RUSSIAN MASTERPIECE


## The Colour of Pomegranates (U)

Directed by Sergo Paradjanov  
Armenia 1969 · English Subtitles

Using words and music to replace conventional dialogue, a highly charged statement of national, religious and spiritual values told in breathtakingly beautiful images.

"The film is a masterpiece — and as such is indestructible."

Tony Rayns CITY LIMITS





# Dié organisasie is nie geheim nie



'n Ondersoek deur Riaan Smit

"WHILE it is accepted that real grievances exist which create unrest among black people, the aim of the UDF and most of its substructures is not peaceful socio-economic and political change. Their end goal is the destruction of our system of government and civilized values. The immediate aim of the UDF is to mobilise the masses and incite them towards confrontation with the authorities. They hope in this way to create a spiral of increasing violence which will culminate in revolution."

— President P.W. Botha

"THE precise motivation behind the formation of the UDF is the intention to curtail more violence in the South African society. It is the opinion of those who formed the UDF that if the government went on to implement the laws which the UDF is fighting and which cause further dissatisfaction and suffering, that more and more young South Africans would be forced to seek desperate and violent means as the only option to bring about political change. In this regard the UDF is an attempt to circumvent violence as a solution to the South African political problem."

— Mosiwe Lekota

National Publicity Secretary of the UDF

IN 'n brief (sien bladsy 13), wat onder andere onderteken is deur die voorsitter van die Nasionale Party-studentetakke op Stellenbosch, word *Die Matie* versoek om 'n ondersoek te loods na die teenwoordigheid van die United Democratic Front (UDF) op Stellenbosch.

## Oplewing

Die UDF is die gevolg van die oplewing van organisasies in die laat sewentig- en vroeg tagtigerjare. Dit het gevolg nadat byna alle politieke betrokke organisasies in Oktober 1977 in terme van veiligheidswetgewing verbied is.

Die simboliese wortels van die organisasie kan gevind word in die weerstandspolitiek van die vyftigerjare. Die UDF is 'n nie-rassige versameling van oor die 500 gemeenskaps-, werker-, kulturele, media- en politieke organisasies, wat verenig is deur 'n diep afkeer in die nuwe grondwet en 'n eis om universele stemreg in 'n eenheidstaat.

## Spektrum

Die front bring 'n wye spektrum van sosiale en ekonomiese klasse, metodes van organisasie en ideologiese uitgangspunte bymekaar. Ondersteuners beywer hulle daarvoor om die verskillende klasse te monster rondom die oogmerke van 'n verenigde demokratiese Suid-Afrika.

Die Vryheidsmanifes wat in 1955 te Kliptown deur 'n veelrassige vergadering van afgevaardigdes van oor die hele Suid-Afrika saamgestel is, dien as 'n basiese beleidsdokument van die UDF.

*Die Matie* het vasgestel dat die voorsitter van die UDF se Stellenbosch-tak mnr. Rob Gaylard, 'n dosent in die Departement Engels, is. Hy is genader om kom-

mentaar op die brief wat *Die Matie* ontvang het. Die UDF se Stellenbosse persbeampete, mnr. Andries du Toit, 'n student aan die Universiteit van Stellenbosch, het 'n verklaring aan *Die Matie* uitgereik:

"Die Stellenbosch-tak van die UDF is nie 'n geheime organisasie nie. Ons kom elke tweede Donderdag bymekaar en enigiemand wat 'n positiewe bydrae kan maak is welkom om ons vergaderings by te woon. Belangstellendes kan mnr. Clive Gabriels by tel. 75408 kontak vir verdere inligting.

"Wat betref ons aktiwiteite: Die UDF probeer om mense van verskillende ekonomiese en 'rasse'-groepe bymekaar te bring en om die implikasies en gevolge van die nuwe Apartheidsbedeling op die Stellenbosse gemeenskap te bestudeer.

## Aktief

"Ons het byvoorbeeld verlede jaar 'n suksesvolle handtekeningsveldtog teen Apartheid as deel van ons verkiesingsveldtog gehou en gehelp om die toneelstuk *A Time to Act* op die planke te bring. Verder is die UDF ook aktief in die verspreiding van die gemeenskapskoerant *Grassroots*.

"Die skrywers van die brief sal miskien teleurgesteld wees om kennis te neem dat die UDF nie beplan om op



Die stigtingsvergadering van die United Democratic Front, wat op 20 Augustus 1983 by die Rocklands Civic Centre in Mitchell's Plain plaasgevind het.

die kampusaktief te word of om op enige skaal studente of dosente te werf nie. Die UDF se hoofdoel is om daardie gemeenskappe in Stellenbosch wat op sosiale, ekonomiese en politieke terrein misken is, te help. Studente en dosente wat die UDF help doen dit in hul private hoedanighede.

## Aantygings

"Die UDF is 'n vreedsame en demokratiese front van kleiner organisasies wat polarisasie en geweld wil teen-

werk. Die vae aantygings wat die skrywers van die brief kwyttraak is totaal ongegrond en maar net 'n onkritiese herhaling van die woorde van Regeringsministers en NP-politici.

"Ons verstaan nie presies hoe die feit dat ons dialoog met 'blanke meerderheidsleiers' weier kwansuis 'n teken van gewelddadigheid sou wees nie. Deur elitistiese magspolitiek af te wys en eerder gewone mense van alle 'rasse'-groepe bymekaar te bring, werk die UDF juis téén die polarisasie en ver-

bitterheid wat na Sharpevilles en Uitenhages lei."

## Heenkome

Juis omdat die UDF nie 'n streng ideologiese lyn volg nie bied dit skynbaar 'n aantreklike politieke heenkome vir 'n wye spektrum van sogenaamde andersdenkende studente op Stellenbosch. Alhoewel hierdie studente in 'n mindere of meerdere mate simpatiek staan teenoor die organisasie is slegs enkele van hulle organisatories betrokke in die UDF.

## Beheerkomitee weier verkoop van Vula in LSS

DIE voorsitter van die LSS se beheerkomitee, prof. Roux de Villiers, het besluit dat die nuwe tydskrif *Vula* "vir eers" nie in die studentesentrum verkoop mag word nie.

### Jongmense

*Vula* is 'n nuwe musiek- en modetydskrif wat op jongmense gemik is.

Volgens prof. De Villiers impliseer sy besluit nie dat hy meen die tydskrif is "sleg of lelik" nie. "Ons wil eers kyk hoe goed die tydskrif verkoop en sal die besluit dan moontlik heroorweeg. Dit sal nie ekonomies regverdigbaar wees om 'n tydskrif te verkoop wat nie trekrag het nie. Waarom moet ons in elk geval die tydskrif verkoop?" het hy gesê.



Op 'n vraag hoekom *Die Suid-Afrikaan* so gou ná sy verskyning in die LSS verkoop is, het hy gesê dat hy "maar nou die dag eers uitgevind het dat *Die Suid-Afrikaan* daar verkoop word."

### Dophou

Volgens die SR-voorsitter, mnr. Le Roux van der Westhuizen, het "die feit dat dit 'n nuwe tydskrif, wat deur redelik onbekende mense uitgegee word" moontlik tot die besluit bygedra. "n Mens kan 'n tydskrif nie op een pittigawe beoordeel nie, daar-

om wou hulle hom waarskynlik eers dophou en kyk watter tendense ontwikkel," het hy gesê.

Hy het bygevoeg dat dit die LSS se beheerkomitee is, en nie die SR nie, wat moet besluit watter tydskrifte in die sentrum verkoop mag word.

Die bestuurder van die LSS, mnr. J.W.F. Treurnicht, wou geen kommentaar op die besluit lewer nie.

## Continuity in Soviet policy

THE Soviet Union's policy towards southern Africa exhibits a long range continuity. This continuity has lasted for approximately twenty years, said Professor David Allbright, professor of National Security Affairs at the Air War College in Alabama, USA.

The policy is based on the geopolitical importance attached to southern Africa, the objectives to be pursued in the region and the kind of strategy needed for pursuing these objectives.

Professor Allbright said that southern Africa has fallen low on the Soviet list of geopolitical concerns. Europe, Eastern Asia and the southern border of the Soviet Union are its main concerns. The precise position of southern Africa varies, but it falls below these three.

The Soviet Union is rarely explicit about its objectives, said Professor Allbright. It does, however, want to establish acceptance of its presence in southern Africa to demonstrate its global reach and global influence. It also wants to undermine Western influence in the region.

Many Soviet objectives are not operational ones, however, because of the lack of ability to pursue them and the fact that they are in conflict with other objectives.

Professor Allbright addressed students of the University of Stellenbosch on Monday.

## US-Landsdiens se ledetal verdubbel

DIE Landsdiens-vereniging is vanjaar ten volle erken deur die Studenteraad. Volgens die voorsitter van die Landsdiens, mnr. A.P. Erasmus, het dit tot gevolg gehad dat die ledetal van die organisasie verdubbel het.

Die Landsdiens, wat 'n landwyse jeugorganisasie is, is sterk omgewingsbewus. Gevolglik doen die Landsdiens ook projekte om die omgewing te verbeter. Vanjaar word daar 'n projek aangepak om die Oewerwandelpad op Stellenbosch weer gangbaar te maak, het mnr. Erasmus gesê.

## Individu moet rol speel in vrede

"IN die Suid-Afrikaanse politiek moet konstruktiewe motiewe die toets van Christus se standaarddeurstaan: Absolute eerlikheid, onselfsugtigheid en 'n besorgdheid wat ander eerste plaas — anders sal selfs die beste bedoelings verdeelheid saai."

### Toetssteen

Dié toetssteen vir politieke optrede is gestel deur prof. Cornelius Marewani van die Universiteit van Suid-Afrika, wie se toespraak by die SAAK-vergadering voorgelees is, waar mnr. Sam Pono van die Moréle Herbewapening-organisasie ook opgetree het. Uit 'n Christelike perspektief het hulle aan die

Stellenbosse gehoor gewys hoé Suid-Afrika vanuit die oë van 'n swartman lyk.

"Die regering slaan 'n nuwe pad in, maar laat tweederdes van die land agter," het mnr. Pono in aansluiting daarby gesê. Aan die ander kant is "swartmense niks beter as ander nie en is soms ook rassisties, maar het nie die mag wat die regering het nie."

Volgens mnr. Pono is die swart gemeenskap verdeel tussen "hardliners" en pragmatiste, met die "hardliners" wat gedurig veld wen in die algemene gees van frustrasie. "Geweld is vinnig besig om 'n lewenswyse in my gemeenskap te word," het hy gesê. Hoewel Soweto dalk van hier kalm voorkom, "kook dit onderlangs".

### Saamwerk

Mnr. Pono is nie 'n swartbewussyn-"hardliner" nie: "Die UDF is prysenswaardig bloot omdat wit en swart daarbinne saamwerk." Die Vryheidsmanifes, met sy veelrassige basis, is vir mnr. Pono "met sy gebreke die mees verstandige dokument wat ek nog ooit teëgekome het." Hoewel die meeste jong swartmense hom nie as radikaal genoeg beskou nie, sê hy dat "n mens nooit irrelevant word as jy die waarheid praat nie.

"Die dilemma is dat mense weet waarvan hulle ontslae wil raak, maar nie besef dat 'n mens verwoes om sodoende te kan bou nie. Hulle dink nie ver genoeg nie," het mnr.

Pono gesê.

In beide toesprake is die rol wat die individu kan speel sterk beklemtoon. Volgens prof. Marewani sal "vrede in Suid-Afrika nie kom deur witskrifte, voorberei deur beplanningpersoneel in regeringsdepartemente nie, maar deur individuele besluite."

## KGB word misbruik

DIE gebruik van alle dienste van die biblioteek het skerp toegeneem sedert daar onder die "Rooi Plein" aan die begin van 1984 ingetrek is. Op besige dae gaan tot 5 000 gebruikers, 40% van die studente-unie, deur die J.S. Gericke-biblioteek se deure.

Die nuwe biblioteek, gebou teen 'n koste van R10,5 miljoen, word besonder goed deur die studente gebruik,

inbring. Voedsel soos dié lok vismotte en boekewers, wat onberekenbare skade kan aanrig. Dr. Viljoen versoek studente om alle voedsel buite die gebou te laat — anders sal die hele gebou jaarliks teen 'n koste van tienduiseende rande en met groot ongerief vir biblioteekgebruikers ontsmet moet word.

'n Klein minderheid van



meen dr. Viljoen, hoof van die personeel wat uit 104 lede bestaan. "Studente wat navrae omtrent sekere dienste het, kan gereedlik hulp kry in die Biblioteekhandleiding, die vakbibliotekaris of die hooftoonbank kry," het dr. Viljoen gesê. 'n Knaende probleem is egter studente wat koel drank en eetgoed in die biblioteek

studente verniel ook van die toerusting in die gebou: stoele in die geselskamer wat skaars ouer as 'n jaar is, is al deur wangebruik onherstelbaar beskadig.

"Die biblioteekpersoneel is daar om 'n diens aan die studente te lewer en verwelkom enige voorstelle in dié verband," het dr. Viljoen gesê.



# perspektiewe en dinge

riaan smit

*Trying to define humour is one of the definitions of humour.*

— Saul Steinberg

Amen. Snaaks is snaaks en basta met die res.

In die krapperige tye wat ons beleef is dit so lekker soos tjoklits om te sien en te hoor hoe mense vir hulself lag.

Tel hel met ouma se borstrok. Jou meisie koop Calvin Kleins én dra dit en die wêreld is 'n hutspot. Te lank was depressie, hand-om-die-lyf met klein-geestigheid, die siekte van ons tyd. Ons sny dit seremonieel in twee; die "klein" word oor die skouer gegooi en die "geestigheid" vertroetel. Dit is die tekens van die tye. Ons het dit broodnodig. Ditsem.

Is jy by? Spits jou ore en blaas jou neus en luister na hierdie volksgrappie:

Drie koeie gaan op dieselfde aand uit met drie bulle. Die volgende oggend teetyd staan die drie aanvullige koeie en skinder oor die voerbak. Die Frieskoei sê sy is die vorige aand uit met 'n Friesbul. Hulle het 'n lang ent langs die laning gestap en hy het vir haar gediggies gelees onder die volmaan. 'n Ware romantiese bul.

Die Jerseykoei sê sy was uit met 'n Jerseybul. 'n Bul so na 'n koei se hart. Die toonbeeld van viriliteit.

Die Afrikanerkoei sit mismoedig en sê niks. Na 'n paar lang-

tand-lekke aan haar voerblokkies kry sy wel haar storie uit. Sy is die vorige aand uit met 'n Afrikaneros. Sy weet nie of hy romanties of viriel is nie, want al wat hy die hele aand gedoen het was om oor sy identiteitskrisis te praat. . .

Krappertye nou dat die Wet op Gemengde Huwelike en Artikel 16 gaan verdwyn. Nogtans geen rede om identiteitskrisis te beleef en "bly blank my volk" te skreeu nie. Die ware Afrikaners is groot genoeg om onbenullighede af te lag en voort te gaan om vir hulself 'n plekkie in die son te beding. Te hel met Morgenzon.

Gepraat van versoeningspolitiek. Daar is toenemende retoriek oor die euwels van vreedsame protesoptogte en burgerlike ongehoorsaamheid. (Terloops, beide aktiwiteite is onwettig.) Suid-Afrika word in dieselfde asem aan die res van die wêreld voor-gehou as 'n vrye gemeenskap in vergelyking met die res van Afrika. Hoe strook dit? Die opsie van 'n protesoptog en burgerlike ongehoorsaamheid is onafskeidbaar deel van 'n sogenaamde vrye gemeenskap.

Dit is geen argument om te sê dat protesoptogte nie mag plaasvind nie omdat dit lei tot geweldpleging. Dit impliseer wantroue in die wette-

en wetstoepassers van hierdie land. Dit is verontrustend komende van die owerhede.

Toegegee, daar is diegene wat misbruik maak van potensieël vreedsame optogte om dit te gebruik vir eie politieke gewin. Die Wet is daar om diesulkes kort te vat.

Ewe veronrustend is President Botha se sterk uitsprake in die parlement verlede week teen die UDF. Dit is te hope dat dit slegs 'n voortsetting van die magstryd in Suid-Afrika is eerder as 'n teken dat die regering die UDF 'n verbode organisasie wil verklaar.

Dit is sinneloos om die UDF tot verbode organisasie te verklaar. Die UDF is 'n "grass-roots" organisasie — dit is tot so 'n mate gedentraliseer dat 'n verbod weinig sal help om die organisasie uit te skakel.

'n Sinnelose benadering tot die "probleem" behoort gesprek met die organisasie in te sluit. Al manier hoe blywende vrede in Suid-Afrika verseker kan word, is om tot 'n vergelyking met die UDF en die ANC te kom.

Polities gesproke is dit huidiglik 'n vergesig. Tog, President Botha se veelparty-inisiatief om met (vreedsame) swart leiers te onderhandel mag dalk in die toekoms op so 'n vergelyk uitloop. President Botha verdien lof vir 'n politieke ma-

neuver wat blyk in-houd te hê.

Ek lees onlangs 'n uitgawe van *Die Matie* gedateer 23 Julie 1975. Die hoofartikel handel oor die inkomtye van vrouekoshuise. Tien jaar gelede was die inkomtye dieselfde as nou, behalwe dat dit 'n halfuur vroeër was.

Het die gemeenskap wat die Universiteit van Stellenbosch van juffers voorsien die afgelope 10 jaar net 'n halfuur meer volwasse geraak? Dit is verre-gaande. Doen iets!

Die voorsitter van die LSS se beheerkomitee, prof. Roux de Villiers, het besluit dat die nuwe tydskrif *Vula* ('n nuwe musiek- en modetydskrif wat op jongmense gerig is) "vir eers" nie in die Studentesentrum verkoop mag word nie. (Sien berig op bl. 9.)

"Ons wil eers kyk hoe goed die tydskrif verkoop en sal die besluit dan moontlik heroorweeg. Dit sal nie ekonomies geregtig wees om 'n tydskrif te verkoop wat nie trefkrag het nie."

Daar het al drie uitgawes van *Vula* verskyn. Volgens die redaksie (as 'n mens hulle kan glo) is die tydskrif baie populêr. Een telefoonoproep kon in elk geval die "trefkrag" van *Vula*, in terme van sirkulasiesyfers, vasgestel het.

Methinks hierdie is net nog 'n manier om Stellenbosse studente teen die "bose" wêreld daarbuite te "beskerm".

Hierdie week se nat-waslappie ('n papnatte) gaan aan 'n sekere mnr. Conradie. Hy is die direkteur van die Universiteit se kantoor in Johannesburg.

Iemand (ons het sy naam in telefoonnommer) bel *Die Matie* verlede week en vertel van sy poging om *Die Matie* se telefoonnommer by die genoemde kantoor vas te stel. Mnr. Conradie het die persoon meegedeel: "Ons stel nie belang in onbenullighede soos *Die Matie* nie."

Nou toe nou. Net om my grootmoedigheid aan u te toon, mnr. Conradie, groet ek u met 'n ou Ierse seën: "May the road come up to meet your face."

# Balance

If you can keep your head when all about you  
Are losing theirs and blaming it on you;  
If you can trust yourself when all men doubt you;  
But make allowance for their doubting too;  
If you can wait and not be tired by waiting,  
Or being lied about, don't deal in lies,  
Or being hated don't give way to hating,  
And yet don't look too good, nor talk too wise :

If you can dream—and not make dreams your master;  
If you can think—and not make thoughts your aim;  
If you can meet with Triumph and Disaster  
And treat those two impostors just the same;  
If you can bear to hear the truth you've spoken  
Twisted by knaves to make a trap for fools,  
Or watch the things you gave your life to, broken,  
And stoop and build 'em up with worn-out tools:

If you can make one heap of all your winnings  
And risk it on one turn of pitch-and-toss,  
And lose, and start again at your beginnings  
And never breathe a word about your loss;  
If you can force your heart and nerve and sinew  
To serve your turn long after they are gone,  
And so hold on when there is nothing in you  
Except the Will which says to them: 'Hold on!'

If you can talk with crowds and keep your virtue,  
Or walk with Kings—nor lose the common touch,  
If neither foes nor loving friends can hurt you,  
If all men count with you, but none too much;  
If you can fill the unforgiving minute  
With sixty seconds' worth of distance run,  
Yours is the Earth and everything that's in it,  
And—which is more—you'll be a Man, my son.

Rudyard Kipling

## Gesprek met ANC en SP-stelsel bespreek

PROBLEME binne die huidige SP-stelsel en die Studenteparlement se reg om oor belangrike (politieke) mosies te stem sonder om die Studente-Unie se mening te toets, was die oorheersende gesprekspunt tydens die SP-vergadering van 16 April.

Geen mosies is ter tafel gelê nie; daar was egter ses dringende voorstelle wat gewissel het vanaf parkeerplek-probleme tot onvoorwaardelike onderhandelinge met die ANC.

Een van die belangrikste dringende voorstelle is deur mnr. André Duvenhage, SP-lid vir Eendrag, ingedien en deur mnr. Francois Schoombee gesekondeer.

Die voorstel, wat eenparig in 'n geamendeerde vorm aanvaar is, lui as volg:

Dat (I) die SP 'n kommissie van vyf lede aanstel om ondersoek in te stel na: (a) probleme wat die SP-stelsel ondervind met betrekking tot effektiewe funksionering en (b) moontlike oplossings vir die probleme.

(II) Dat SP-lede op 'n datum soos deur die kommissie-voorsitter bepaal probleemareas vir ondersoek skriftelik by die kommissie indien.

(III) Die kommissie 'n verslag van sy werksaamhede aan die SP voorlê op die laaste vergadering van die huidige semester.

(IV) Die vergadering voortgaan met die verkiesing van vyf lede."

Vyf SP-lede, mnr. André Duvenhage, Le Roux van der Westhuizen, Derick de Villiers en Phillip Verster, asook me. Estelle de Leeuw, is na 'n stemming deur die Studenteparlement aangewys om op die kommissie te dien.

Mnr. Duvenhage het in sy motivering vir die dringende voorstel gesê "die SP vind op verskillende terreine probleme om tot sy volle poten-

siaal te funksioneer."

Tydens die bespreking van hierdie dringende voorstel is daar skerp kritiek deur veral SR-lede op die funksionering van die Studenteparlement uitgespreek.

Mnr. Hendrik du Toit, SR-lid vir Kultuur, het gesê die "SP is die mees besluitlose liggaam waarop ek nog gedien het."

Ook mnr. Francois Sieberhagen, SR-lid vir LSS, het sy kritiek uitgespreek op die wyse waarop die SP-stelsel huidiglik funksioneer. Hy het gesê dat die bestaande SP-struktuur genoegsaam is. Die mense binne die struktuur is egter die rede waarom

like gesprek met enige groep of persone voorstaan;

(2) voel dat in die soeke na oplossings vir die RSA se politieke probleme die regering met alle partye en persone in die land onvoorwaardelik gesprek moet voer;

(3) dit betreur dat Oliver Tambo se gesprek op Nightline nie deur die SAUK vir Suid-Afrikaanse kykers uitgesaai is nie;

(4) voorstel dat die regering hulle bereid verklaar om gesprek met die ANC te voer."

Mnr. Bell het in sy motivering gesê dat dit nie nodig is dat die mosie aan die Studente-Unie voorgelê word nie, aangesien die "SP reeds besluit het dat hulle 'onvoorwaardelike gesprek' voorstaan". Hy het ook gemeld dat die Verster-verslag (waarin "onvoorwaardelike gesprek" vervat is) in die dringende voorstel geïmplementeer is.

Mnr. Bell het ook gesê dat die voorgestelde onderhandeling met die ANC nie die SP moet afskrik nie, want die ANC is 'n relevante politieke organisasie.

Hy het ook gesê dat indien die US werklik onvoorwaardelike gesprek voorstaan, die SP nie die mosie kan teenstaan nie.

Mnr. Francois Sieberhagen, SR-lid vir LSS, het gesê dat die voorstel nie aanvaar kan word sonder dat die studente in die saak geken is nie. Hy het dan ook 'n verdagingsmosie voorgestel, sodat die aangeleentheid in die kiesafdelings bespreek kan word.

Die verdagingsmosie is met 42 stemme teen 2 aanvaar, terwyl ses SP-lede buitestemming gebly het. Nadat die saak in die kiesafdelings bespreek is, sal die SP op hul volgende vergadering hierdie dringende voorstel bespreek.

## Uit die SR en SP

dit nie werk nie, het mnr. Sieberhagen gesê.

Mnr. Derick de Villiers, SR-lid vir Verenigings, het ook die dringende voorstel gesteun. Hy het gesê dat daar vasgestel moet word wat die studente-unie van die SP verwag.


Die dringende voorstel van mnr. Johan Bell, SR-lid vir USKOR, het 'n debat ontlok oor die SP-verteenvoerders se reg om oor (politieke) mosies te stem sonder om hul kiesafdelings se mening te toets.

Die dringende voorstel, wat deur mnr. Johan Olivier gesekondeer is, het as volg gelui:

"Dat die SP: (1) vrye en onvoorwaarde-

Chris Barr

## MANNA



Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde werking het nie, so is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar. — Rom 12:4 en 5



S.U. CONSTITUTION

# Amendment is curiously drafted

DURING the recent Mass Meeting ("Monstervergadering"), a motion amending the constitution of the Student Union was accepted. The motion provoked little interest. Apart from a brief motivation by its proposers it was not even discussed. Doubtlessly the fact that far more succulent morsels awaited the assembled masses explains the almost embarrassing haste with which the matter was dispatched.

Object

Yet the proposed amendment deserved far closer scrutiny than it received, for it effected — or purported to effect — a significant departure from the rules governing constitutional amendment. The innovation consisted in a restructuring of section 26(1) of the constitution, whereby paragraphs (a), (b) and (c) were introduced for the first time. Paragraphs (a) and (b) contain essentially the same provisions as existed before, except that the majority required for a mass meeting poll is reduced from two-thirds to a simple majority. Paragraph (c), however, is totally new and, it seems, the principle object of the motion.

Section 26(1) in its new form, reads as follows:

"Geen toevoegings tot of verwydering of veranderings van die bepalings van die artikel (sic) van die Grondwet sal geldig wees nie, tensy dit goedgekeur word deur

- (a) 'n Referendum;
- (b) 'n meerderheid van 'n Monstervergadering; of
- (c) 'n tweerde meerderheid van 'n SP-vergadering met dien verstande dat elke SP-lid bewys lewer van 'n stemming gelykstaande aan die vir verkiesings in die onderskeie kiesafdelings."

It is clear that whereas previously the Student Union had sole and direct control over the content of the Constitution, this capacity is now sought to be somewhat curiously extended also to the Student Parliament (SP).

Apathy

The reason for the amendment is not hard to find. Students are notoriously careless about dry, unemotive issues like the Constitution, and it has happened in the past that a quorum could simply not be obtained at Mass Meetings where even urgent amendments were proposed. This lack of interest is bound to continue until the unlikely event of the introduction of risqué illustrations to those hallowed pages, and even then, one suspects, the text would receive but scant attention. The only other alternative to a mass meeting, previously, was a Referendum. This procedure has the advantage that no minimum poll is prescribed as a quorum, so that student apathy cannot present a material obstacle to the resolution of the matter. However, a Referendum entails extensive and disruptive administration which is costly in respect of both time and money. Accordingly it

is a procedure traditionally reserved for "big" issues, and should certainly not be employed on every occasion that a minor change in the Constitution is deemed necessary. It follows that although the constitution had — theoretically — an entirely satisfactory apparatus for flexible, representative change, it was likely to become a very unyielding, tough old gut. A development of the type envisaged was long overdue.

Before the actual effect of paragraph (c) is considered, however, it is necessary to discover what, in the very broadest sense, it probably sets out to achieve. From the mandatory vote in every constituency (which I shall hereafter call the "constituency vote") one infers that this is no ordinary SP resolution. Nowhere else in the Consti-

but that is besides the point.) I shall conveniently refer to the process I have described above as a "plebiscite", a term which does not appear to be too pretentious in the company of the far loftier "Referendum" and "Parliament".

Absent

But alas, paragraph (c) was carelessly conceived, and as with most such conceptions the birth is likely to be attended by much distress.

What is the actual effect of paragraph (c)? Consider the phrase "elke SP-lid bewys lewer". Literally these words require of every single SP member that he or she should provide the required proof. The little word "elke" as it appears at present, without qualification, does not admit of the possibility that even one member may omit to produce the proof. But what if an SP member should be ill, or away, or otherwise indisposed to attend the SP meeting? Would not this ridiculously unimportant circumstance abort the entire exercise?

If the problem merely existed at this simple level it would be relatively easy to overcome the objection: paragraph (c) does not stipulate that the proof must be furnished at the SP meeting itself. All that is necessary is that every member must have complied with the provision by the time it is sought to obtain a two-third majority.

Proof

An important result of the preceding conclusion is that paragraph (c) does not require the presence of SP members at the meeting merely their proof. Having once provided the same, the members are at liberty to absent themselves from the meeting without the slightest effect on the validity of the proposed amendment. It follows, furthermore, that members are under no obligation to vote at the meeting, even if they should be present.

We are thus now in a position to answer the question posed above: the absence in itself of members cannot abort the amendment process (provided, of course, that a quorum is obtained in the usual way).


Now, however, we must consider a further problem: what would happen in the case where a SP member,

being opposed to the suggested amendment, deliberately withholds proof of the poll in his constituency from the SP? Here there is no simple solution, for one cannot ignore the recalcitrant member by obtaining proof from, say, the Primarius of the particular constituency: paragraph (c) expressly appoints SP members as the only avenue whereby proof may be relayed to the SP. This provision is not too unusual if one considers that the SP members are also the only channel of the constituency vote itself; it is in any event a provision which cannot be conveniently overlooked.

Veto

Can the above problem be avoided in those constituencies which have two or more representatives? Will the formal requirements of paragraph (c) not be satisfied if at least one SP member from such a constituency furnishes the required proof, thus rendering the headstrong refusal of the other(s) irrelevant? Alas no: the reader's attention has already been directed to the implications of the word "elke". Each member must bring proof, and the fact that many of them will have to bring exactly the same proof is immaterial; this is what paragraph (c) expressly requires.

The phrase "elke SP-lid bewys lewer" therefore has the prima facie effect of giving every SP member a veto, which he may exercise by simply withholding proof of a poll in his constituency. The fact that this conduct may amount to a dereliction



of duty or misconduct, and expose the member to a motion of no confidence, is immaterial (besides, such a motion would have to be instituted by the member's constituency, and they may approve of or condone his



Previously the student union had sole and direct control over the content of the Constitution . . .



. . . this capacity is now sought to be extended also to the Student Parliament.

action). It is possible — I have not considered the question — that Administrative Law may afford grounds to avoid the above conclusion. The point, however, is simply that the phrase was shabbily drafted: a little care and reflection could easily have prevented anomalies.

Democratic

Another example of careless draftsmanship is that the position of the eight nominated SP members (section 8(5)) seems to have been entirely forgotten. These members, although nominated by a constituency, are appointed by the other SP members.

the case, to represent the constituency in which their nomination originated, we give that constituency a proportionately stronger say in the issue, which is hardly in keeping with our initial notion of a democratic plebiscite. On the other hand there is no basis for denying any member the right to vote in the SP. Should not this question have been properly addressed?

Let us now proceed to consider a further interesting phrase: "n stemming gelykstaande aan dié vir verkiesings in die onderskeie kiesafdelings". This phrase presumably seeks to ensure that the constituency vote occurs in a fair and equitable manner by the introduction of such procedural safeguards as attend elections.

Elections

As a preliminary point it should be noted that we are not told to which elections the phrase refers. Both "SP-verkiesings" and "tussenverkiesings" occur in the constituencies. For that matter House Committee elections, and Primarius elections, and Rugby Committee elections, and Archive Committee elections, and other elections *ad infinitum* occur in the constituencies. However, because the reference is to elections in the constituencies, one may be relatively certain that an election governed by the Constitution is intended: the other elections adumbrated

above occur in *Student Residences*, and although these are practically the same as constituencies, the Constitution takes cognizance of them only as useful demarcations of the Student Union, i.e. as constituencies. It is thus unlikely that the Constitution would, in a matter affecting the whole campus, make domestic residence procedures applicable in substitution of its own uniform rules. As SP elections and by-elections differ only in their extent and the time of their occurrence, the lack of specification in paragraph (c) is unlikely to cause any real difficulty. But once again a little forethought could have avoided the problem entirely.

Now, although the draftsmen felt the need for procedural safeguards in the constituency vote, they were not inclined to work out any details. Thus they introduced, by reference, the provisions surrounding (we now assume) SP elections in the constituencies. The question is, to what extent have these provisions been introduced? *Die Afrikaanse Woordboek* defines "gelykstaan" (with its derivative form "gelykstaande") as "ooreenkom in stand, aansien, rang, ontwikkeling, betekenis, waarde of in ander genoemde opsigte; gelyk wees, mekaar se gelyke wees." *The Concise Oxford Dictionary* defines "equivalent" which I take to be the proper translation, as "equal in value, amount or importance."

(Continued on page 12)



MENINGS-AKTUEEL

Thomas Tyler is tans besig met sy Meestersgraad in die Regte en was lid van die grondwet-kommissie wat die huidige grondwet van die studente-unie geformuleer en opgestel het.

tution is such a constituency vote required as condition precedent to the SP's capacity to decide an issue: even section 26(2), which concerns the amendment of the Constitution's Rules, merely prescribes a two-thirds majority for valid amendment. The unique character of paragraph (c) thus lies in the fact that it compels the SP to consult the Student Union.

Plebiscite

The idea is probably that the SP members should thereupon convey their several constituencies' decisions to the SP meeting, thus ensuring that while the ultimate for decision may formally be a SP resolution, it is in substance an expression of the will of the masses. As far as it goes, the notion is sound. It has the ring of democracy about it. And besides, it saves everyone the bother of having to walk down to the DF Malan centre for an evening to debate the issue; they can settle everything in the comfort and privacy of their very own residence. (One may of course doubt that the Constitution will generate any greater interest at thirty small meetings than at one large;

## KOM TOER SAAM

- |   |   |   |
|---|---|---|
| 1. Malawi 1-9 Julie 1985<br>Toerprys: R920  | Italië. 3-19 Julie 1985<br>Toerprys: R2 899   | Rome, Capri, Sorrento, Nice, Monte Carlo, Majorka-eiland en Madrid. 12-23 Okt. 1985<br>Toerprys: R1 350 |
| 2. Mauritius 10-17 Julie 1985<br>Toerprys: R1 289   | 4. Toer na Griekeland, Griekse Eilande (Mykonos, Rhodos, Patmos, Heralidion, San Torini) en Turkye. 6-13 Okt. 1985 (Transvaalse skoolvakansie)<br>Toerprys: R1 999 (Met opsionele verlenging na | Nader dr. en mev. Attie van der Colff<br>5e Straat 42<br>Linden<br>2195<br>Tel. (011) 782-9195          |
| 3. Jeugtoer na Engeland en Europa (ouderdom, 16-37 jaar). Besoek Engeland, Duitsland, Frankryk, Switserland, Oostenryk en |   |   |





# Teer-en-veer-party gevra vir gawe nerds

AI, hoekom moet dit dan soms vir my beskore wees om in die geselskap van een of meer van die anti-establishment-spesie te beland. Dis ongelooflik maklik en verbasend toepaslik om 'n geklikte stereotipe op sy nerdnylon- of kwasi-intellektueel-sakbroek vas te label. Hy is dan boonop ook vir my die verpersoonliking van wat ons almal al voorheen gehoor of gelees het — krake! Die boys sê mos dat die wind altyd deur dié loei — of nee, wág, nog beter — pa het mos gesê dat leë blikke altyd die meeste geraas maak.

hy van genoeg van sy hang-ups ontslae kon geraak het. Of, nóg beter, miskien het hy ook gestimuleerd gevoel by die besef dat hy ook nogal potent is om 'n tersaaklike bydrae te kon lewer tot die huidige problematiek van die kontemporêre wêreldorde. (Blikskottel, maar dis lekker om met Sampie se woorde te kan speel!) Al wat dié armsalige eintlik maar die heelyd gedoen het, was om van alles — en-wat af te skiet. (Dis nogal wragtig waar

teken nie, maar om eerder alle vorme van gesag te eerbiedig. Ek wonder of hy nie 'n klap te veel van Marx weg het nie. Van dit gepraat, 'n goeie paar klappe, 'n ont-haring en 'n teer-en-veer-party sal hom miskien ook die wêreld se goed doen. Miskien sal hy dan so 'n bietjie bykom en besef dat die werklike harde lewe 'n myl anderkant sy regsboeke lê!

Om nie eens te praat van sy belaglike stelling dat ons

meisie vir die akademiese jaar aan die gang te hou, is daar ook 'n welverdiende plus!

Ja-nee, my magtig, 'n man het mos hard gewerk vir dit wat jy het — jy moet darem ten minste bereid wees om ook daadwerklik iets te doen as jy iewers in die lewe wil kom. Van dit gepraat — ek wonder waar kom hy aan die snert dat 'n mens alleenlik deur middel van 'n maatjehelp-maatjie effek, soos die Ruitervag of Broederbond, sekere gesogte plekke in die praktyk kan beklee. Ek sal darem té sleg voel om deel van só 'n onetiese storie te wees. Dit is darem baie beter om eerder vir pa te vra om sy contacts te gebruik!

Jy weet, as ek nou weer nadink oor dit wat hy gesê het, maak die verdomme ou my oombliklik weer die hel in oor sy ideologieë wat darem té gevaarlik oorhel na dié van 'n Kommunis/Sosialis?! (indien die twee soorte dan nou ook al mag verskil).

Ek hoop net dat hy hom vinnig sal bekeer — hy lyk tóg na 'n nice ou!

Koos van der Matie

## met ander woorde

wat die boys sê — 'n student dink mos hy het vir alle tersaaklike probleme oplossings.)

Die arme ou dink dan so-waar hy is van die weiniges wat bereid is om te dink. Fine cheek wat hy boonop het om te sê dat ons in 'n bevoorregte posisie is van waar ons nie juis nodig het om te dink nie. Wat was sy cliché nou weer? ... o ja, dit vorm mos blykbaar deel van ons lewensbeskouing om nie die bestaande orde te bevraag-

soogenaamde kapitalistiese kinders darem wragtig "n lekker en ondankbare lewe" het nie. Hy besef seker nie dat ons ouers hard moet werk om ons hier op die Bos te hou nie. Ook nie dat ons vakansiewerkgewers ons nie eintlik die kans gee om te hanna-hanna nie. 'n Man voel boonop nogal moreel verplig om uit te haal en te wys in dié tye van ekonomiese resessie en grootskaalse werkloosheid. Dat dit boonop help om jou kar en

aanleiding gegee gegee het tot die nuwe term: hoe onderskei jy tussen mense soos prof. Degenaar en myself en prof. Esterhuysen en prof. Terreblanche. Baie mense het almal verlig genoem. Daarteen het ons van ons kant sterk eksepsie geheem, want ons is nie nasionaliste nie. Op hierdie stadium is die verligtes dan ook juis baie gekritiseer, deur my in my boek en deur prof. Degenaar.

Die gebruik van die term "oorbeligte" was dan 'n vonds in die polemiekk wat hierop gevolg het. As jy kyk op wie die term slaan (soos iemand geskryf het, 'die oorbeligtes, al drie van hulle'), dan is dit 'n beperkte benaming. En as jy na die drie van ons kyk, is daar baie belangrike verskille in ons politieke opstelling. Dit slaan dus nie op 'n spesifieke ideologiese posisie nie.

Die term "verlig" was ook maar aanvanklik 'n polemiese vonds. Dit het, anders as die term "oorbeligte", wel inslag gekry omdat daar inderdaad 'n aandubare politieke groepering was wat hulself in hierdie terme geïdentifiseer het en deur ander mense in hierdie terme geïdentifiseer kon word.

Beskou u die afskaffing van die Wet op Gemengde Huwelike en die Ontugwet as belangrik en insiggewend? Is dit werklike politieke verandering?

As jy praat van politieke verandering moet jy spesifiseer en onderstel. Daar is verskillende vlakke waarop verandering kan kom.

Sou die Groepsgebiedewet of die Paswette afgeskaf word, sal dit direkte praktiese implikasies vir letterlike miljoene mense hê. Die aantal mense waarop die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike slaan, is minimaal in vergelyking met die groter opset in Suid-Afrika. In kwalitatiewe terme het hierdie wette, wanneer iemand daarvolgens vervolg is, 'n geweldige impak gehad op enkelinge, hulle families en vriende. In kwantitatiewe terme het dit nie so 'n groot impak nie.

Die ander deel van die vraag is hoe mense geraak gaan word as ander wette nie ook gewysig word nie. Hoe gaan jy op die trein

ry? Waar gaan jy eet? Dit is praktiese probleme waarvoor oplossings gevind kan word. Dit gaan ook nog altyd oor 'n relatief klein aantal mense.

Verandering hoef egter nie noodwendig beperk te word tot hierdie soort konkrete inpak op mense se lewens nie. Verandering kan ook 'n simboliese of ideologiese funksie hê. Hierdie twee wette het, alhoewel hulle nie so 'n groot aantal mense direk daardeur geraak is nie, 'n simboliese en ideologiese betekenis gehad. Dit is enersyds gesien as die hoeksteen van alle apartheidswette en andersyds kon bruinmense hierdie wette as 'n aantasting van hul waardigheid beskou. As 'n gemengde huwelik as 'n misdadig beskou word, werp dit 'n refleksie op 'n persoon van gemengde afkoms. Dit het te doen met jou selfpersepsie en jou menswaardigheid.

In hierdie sin sou afskaffing dan 'n baie belangrike simboliese en ideologiese verandering en deurbraak kon wees. Die regering hanteer egter die hele saak asof hy alles wil doen om die simboliese funksie van afskaffing te wil minimaliseer. Dit lyk of die regering meer bekommerd is oor die regsas, asof hulle die regsas wil paai. Dit is ongelukkig, baie ongelukkig, dat dit so hanteer word.

Hoe interpreteer u die opstande wat nou oral in Suid-Afrika plaasvind?

Ek wil nie te kenne gee dat ek alles verstaan wat aan die gebeur is nie, 'n Mens kan baie lank hieroor gesels. Ek dink daar is drie vrae wat onderskei kan word: Wat is besig om te gebeur? Hoekom gebeur dit nou? Waarom gebeur dit?

Ek dink wat nou besig is om plaas te vind verskil op belangrike maniere van protesaksies van vroeër. Eerstens was die skoolkinders in 1976 in die leidende posisie. Ouers en ouer mense het simpatie teenoor hulle gestaan en beskermend en ondersteunend opgetree, maar die opstande was die werk van die kinders. Hierdie verskillende rolle kan nie nou onderskei word nie. Die aksies wat plaasvind is nie die

aksies van kinders nie.

Tweedens was die aksies in 1976 primêr gerig teen die wit gesagstruktuur, wit amptenare en wit polisie. Nou neem dit meer die vorm van 'n interne konflik aan. Swart gemeenskapsraadlede en swart polisie word geïntimideer, aangerand en selfs vermoor. Uit 70 gemeenskapsrade is daar maar nog omtrent drie of vier wat funksioneer. Die teiken is dus verskillend en word met 'n hoër mate van sukses bereik.

Die laaste twee vrae gryp in op mekaar. Die hele politieke situasie, vererger deur die ekonomiese situasie en daarby die krisis in die swart skole is alles faktore wat meegewerk het om onrus te veroorsaak.

Die omvang van ekonomiese probleme verskil van plek tot plek. Die feit dat die Oos-Kaap die fokuspunt van die onlusituasie is, is omdat werkloosheid daar die ergste is en omdat ekonomiese probleme daar dus die hardste aankom.

Daar is op die oomblik 'n krisis by swart skole. In die laaste paar jaar is baie gedoen om sekondêre onderwys vir swartes uit te brei. In feite hê sekondêre onderwys kwalitatief uitgebrei. Daar is 'n ontploffing in die hoeveelheid swart kinders wat in hoërskole is. Dit skep probleme. Eerstens in terme van fasiliteite wat te min is, 'n tekort aan onderwysers en onopgeleide onderwysers. Dit moet in die praktyk 'n onnoemlike moeilike situasie wees.

Die tweede probleem is as gevolg daarvan dat mense langer op skool is. Swartmense op skool is relatief ouer as die blanke skoolkinders: die gemiddelde ouderdom is van 15 tot vroeg in die twintigs. Dit skep probleme met die gesagstruktuur: jy het nie sonder meer met kinders in botsing met owerheid te doen nie, dit is jongmense. Dit verskil verder ook van die vroeëre situasie deurdat hierdie swart jongmense, wat vroeër teen hierdie ouderdom reeds opgeneem sou wees in die ekonomiese struktuur, nou op skool en gepolitiseer is. Dit is nie verbasend dat daar 'n krisis in die swart skole is en dat daar 'n hoër mate van politisering plaasvind.

## Constitution

(Continued from page 11)

It thus appears that the poll (stemming) during the constituency vote must have precisely the same significance as that which occurs during a SP election. It must be just as reliable, just as fair, just as exposed to exactly the same safeguards. How can such a poll be obtained other than by adopting exactly the procedure which is prescribed for elections?



We arrive then at the startling conclusion that an expedient which was intended to avoid, *inter alia*, the administration and bother surrounding a Referendum, introduces substantially the same cumbersome formalities! The implementation of paragraph (c) necessitates, for example, the appointment of a "Sentrale stembuskomitee", the appointment of similar committees in each constituency, the formal announcement of the matter throughout campus, and a properly supervised secret ballot in every constituency. If we are to go to all this

trouble, why not simply hold a Referendum?

In fact, a Referendum would be much simpler than a plebiscite under paragraph (c), for the latter introduces the veritable plethora of strange and inexplicable anomalies. What are we to do, for example, with the provisions concerning nominations? How can we seriously expect the Central Electoral Officer to call for nominations and then, when he receives none, call by-elections in every constituency! (This is strictly what the rules concerning elections require.) Should meetings be held to introduce non-existent candidates? Had the draftsmen bothered to interpolate the familiar *mutatis mutandis* at least these ridiculous results would have been avoided — but they did not.

It is quite clear from the preceding paragraph that those unfortunate enough to be burdened with the responsibility of implementing paragraph (c) will frequently have to decide whether or not to apply some rule concerning elections. They will have to move with the great-

est caution, however, because at every step they may err, thus exposing the whole process to charges of invalidity. And yet they have no guidelines except a body of



rules, designed for a totally different function of the Student Union, and a host of possible and necessary implied terms. Paragraph (c) lacks legal certainty ("Regsekerheid"). Even such rules as are necessary to set the whole process in motion must be sought in naked implication (for example, paragraph (c) is silent as to which organ, SRC or SP, may authorize a plebiscite!).

Some of my objections may be met by the fact that the SP can amend and add to the Rules of the Constitution. Will it not be possible, then, to work out a satisfactory procedure in the Rules, (Continued on page 13)

**MENINGS-AKTUEEL is 'n rubriek wat oop is vir alle lede van die Studente-Unie. Artikels moet gerig word aan die Aktuele Redakteur, Die Matie (tel. 5979).**

## Prof. Du Toit

(Vervolg van bladsy 8)

te beoordeel. En die rol wat u speel as filosoof?

Daar is verskillende vlakke waarop bydraes gelewer kan word. Daar is navorsingswerk en publikasies. Die boek, *Die Sondes van die Vaders*, is 'n ander tipe bydrae: meer toegepas as 'n algemene filosofiese analise. Deur deelname aan die openbare debat (bv. die skryf van koerantartikels en deelname aan konferensies) kan 'n bydrae gelewer word. Dan is daar ook iets soos *Die Suid-Afrikaan*.

Weer eens is dit moeilik om bydraes te evalueer. Jou doelstelling daarmee is om so ver moontlik die kwessies waarvoor dit gaan aan die orde te stel op 'n wyse wat geïnformeerde is; waar jy moeite doen om beskikbare inligting en navorsing te gebruik en om 'n morele en kritiese dimensie daarby te betrek. U word geëttiket as 'n "oorbeligte". Hoe verstaan u hierdie term? Vereenselwig u u met hierdie etikettering?

Ag nee wat, ek dink die oorbeligheidskwessie is maar eintlik 'n grappie. Daar is 'n lang storie agter die terme "verligte" en "oorbeligte". 20 jaar gelede was die term "liberaal" 'n omstrede term in Afrikaanse-gelede. Liberalisme was vir 'n goeie nasionalis omtrent die teenpool van nasionalisme. Daar was dus die behoefte aan 'n term om mense te beskryf wat nasionaal is, maar bietjie progressief en wat meer liberaal dink. Die ou onaanvaarbare liberaal-nasionaal en konserwatief-nasionaal is dus vervang met "verlig" en "verkramp", twee terme wat vreemd genoeg beide oorspronklik in 'n negatiewe sin deur Wimpie de Klerk gebruik is.

Dit was 'n omstrede kwessie wat presies die inhoud van verligtheid is. "Verlig" het 'n soort sinoniem vir progressief, liberaal en ruimdenkend geword. Die funksie daarvan was binne 'n nasionale Afrikaanse-konteks. Die probleem is dan: wat noem jy die Afrikaner wat liberaal is, maar wat nie 'n nasionalis is nie? En dit is dan wat

# The Outlet Factory Shoe Shop

1 000<sup>de</sup> pare skoene teen lae, lae pryse

Ruim Parkering  
Ruim Parkering  
Ruim Parkering

Besigheidsure:  
Maan. — Vry. 8.30 — 5.00  
Sat. 8 — 12

Birdstraat 91 Stellenbosch 70893  
(oorkant Mastertreads)

'n Groot versameling skoene vir die hele gesin teen fabriekspryse



## Constitution

(Continued from page 12)

thus avoiding the difficulties pointed out above? Alas, for the most part this will not be possible. Section 24(1)(a) (which should be simply section 24) reads as follows:

"Die Reëls is 'n deel van en vorm 'n aanhangsel (Bylae 2) tot die Grondwet en in geval van botsing tussen die Artikels en die Reëls sal die Artikels van die Grondwet voorkeur geniet."

Paragraph (c) appears in the "Artikels", and must therefore prevail over the Rules. Any attempt in the Rules to ameliorate, detract from or qualify the express reference in paragraph (c) to "elections" will thus be futile. The provisions governing elections, which by necessary implication from the

handed to the SP members, each of whom has but a single indivisible vote in the chamber. If one considers that the poll percentages in the different constituencies may range widely, and that, furthermore, the majorities obtained within constituencies may vary, it should be clear that the SP members' votes will in substance probably represent greatly divergent intensities of opinion. Yet these votes have the same value in the SP. It is thus conceivable that the ultimate decision of the SP may actually and openly contradict the prevailing opinion of the masses! (for example, if the motion is carried in Aurora by 100 votes to 50 and defeated in Helshoogte by 200 votes to 25, the will of 125 people will hold against that of 250 people, because Aurora has three members in the SP while Helshoogte has only



word "gelykstaande" also govern the constituency vote, must be applied (see above). Only such new Rules as are not in conflict with those concerning elections can therefore have effect. It seems that, in order to solve the problem by amendment of the Rules, the SP will have to work out a set of provisions which simultaneously do justice to both elections and the constituency vote: a task which, with the greatest respect for their competence and wisdom, one doubts the honoured members will be able to perform. Even expert lawyers will have difficulty.

It has already been pointed out that the constituency vote entails a procedure in many respects similar to a Referendum; note a further anomalous and inexplicable result of this circumstance. Upon the conclusion of the "stemming gelykstaande aan die vir verkiesings" the authorities will be in possession of exact figures representing the Student Union's view of the matter. But instead of collating the figures directly, the results of the poll are

(two). I believe that grounds do exist for suggesting that paragraph (c) in its present form creates more problems than it presents solutions: SRC and SP members should consider the provisions carefully, on the lines suggested, before attempting to implement it.

The amendment of section 26 of the Constitution should never have been so casually treated. There are cogent reasons for maintaining the two-thirds majority required for amendment of the Constitution on Mass Meetings; yet these appear to have received no thought whatsoever. It is desirable that paragraph (c) should expressly refer not to elections, but to its own set of regulations; such regulations should be worked out. Above all, it is imperative that the whole plebiscite idea should be properly conceptualized: the nature, content and impact of the process must be understood before an attempt is made to introduce it to the Constitution. One cannot simply throw out a notion and hope for the best.



DIE briewe vir publikasie moet gerig word aan: Die Redakteur, Briewe, Die Matie, Langenhoven-studentesentrum, Stellenbosch 7600.

Briewe moet asseblief so bondig moontlik wees en moet die naam, die adres en die handtekening van die skrywer bevat, selfs al word 'n skulnaam gebruik. Die identiteit van die skrywer in laasgenoemde geval word streng geheim gehou.

So ver as moontlik moet briewe getik word in 'n kolom van 65 mm.

Alle briewe wat ontvang word sal óf gepubliseer óf erken word.

## Vuil plate krap musiek liefhebber

FRANZ SCHUBERT skryf:

Daar is seker min studente wat bewys is van 'n groot voorreg wat die Konseratorium se biblioteek bied. Studente kan in die biblioteek na klassieke musiekplate luister, sonder dat dit hulle 'n sent kos. Die klanktoerusting in die luisterkamer is van hoë gehalte.

Die diskoteek bevat etlike kosbare opnames, maar dit word erg beskadig omdat die plate so vull-vull gespeel word. Verder is die klankterugvoer swakker weens

die krapgeluide as gevolg van die stof op die plate. Die draaitafels se naalde is ook vull.

Ek wil 'n voorstel maak: Kan die Konseratorium nie 'n heffing van, sê R5, vra van mense wat wil plaatluister nie en daarmee plaat-skoopmaakmateriaal koop nie? Ons arm studente kan net by die Konseratorium bv. opera's luister, wat vir R60 per stel verkoop word. Kan daar nie 'n plan ter beskerming van die plate gemaak word nie sodat ons werklik luistergenot sal kan hê!

## Apologie oor uitlatings

ANDRÉ DUVENHAGE, EENDRAG, skryf:

Hiermee teken ek apologie aan teenoor die rektor van hierdie Universiteit vir uitlatings wat ek oor die radioprogram, "Spitstyd", gemaak het. Dit was nie my bedoeling om die rektor se integriteit in gedrang te bring nie.

Ek teken ook apologie aan vir sover my woorde in die hoofberig van *Die Burger* van 4/3/85 die Universiteit en sy studente geskaad het.

## Afrikaanse teater is in media-detensie

ANDRÉ MOUTON skryf:

Met verwysing na *Die Burger* van Woensdag, 3 April 1985.

Laat ek sommer met die boog van die voet opstap; met alle respek aan die Voorspelers, wat die spel aanspoor tot spoorlose hoogtes. (Met alle respek aan enige Subspesie.) Kom ons spandeer 'n bietjie op 'n "gedagtestadion". Alles word gesê om jôu gedagtes met uitdoking te stimuleer. Sluk die pil, want voorsorg is beter as nasorg.

Afrikaanse Drama, in sy huidige gedaante, is nie gewaag genoeg om "nasionale pale" te haal nie. Dit skep eerder vir mense wat nie al die potensiaal van lewendige Afrikaanse Drama behoortlik snap en implimenter nie 'n pynlike institusionele onvroulikheid. So by so dat 'n stukkie "prime" wildsboudjie, waarna almal moëtgryp, in Nuuksblaie rondgeflans moet word.

Hoeveel mense eet vandag tradisionele "wildsboudjie"? "Nee, man! Ons wil nuwe 'wildsboude' hê." Met 'n lekker "jellie-sousie" daarby. Jou werkende man wil nie saans huis toe kom om voor 'n vrou te staan te kom, wat agter 'n lessenaar sit nie; behalwe as dit sy sekretaresse is — met alle respek aan Seksisite en Chauviniste. Dit sal mos die doodsklok vir die huwelik beteken. En so ook vir die Afrikaanse toneel (toneel ja; nie Toneel). Dis nou hoogtyd dat ons dit Toneel maak. So lekker soos 'n filmfees; net meer per-

# DM moet UDF se optrede op S'bosch blootlê

BARNARD BEUKMAN, OCKIE GRUNDLING, H.A. STANDER, FRANS VOLSCHENK EN CORINNE MALHERBE, skryf:

Dit is met kommer dat 'n mens kennis neem van die United Democratic Front se besluit op 'n onlangse kongres om oor te gaan tot die organisering van massaprotesaksies wat moontlik kan lei tot 'n veldtog van burgerlike ongehoorsaamheid. (Bv. om te betoog teen die All Black-toer). Dit bevestig net die vermoede dat die UDF nie ten gunste van vreedsame verandering in Suid-Afrika is nie.

Die UDF is tydens sy stigting omhang met 'n kled van vreedsame, demokratiese, buiteparlementêre verandering. Mettertyd het dit egter duidelik geword dat hierdie kled van vrede en demokrasie bloot 'n rookskerm is en elke dag hang die UDF se onderrok 'n ent verder uit.

Die UDF het tydens parlementêre verkiesing kiesers geïntimideer met 'as-jy-

stem-brand-ons-jou-huis-af" dreigemente. Bruin en Indiër kiesers is nie toegelaat om op demokratiese wyse te besluit of hul wou stem of nie.

Daar is toenemende tekens dat die UDF by die skepping van onrusituasies betrokke is.

Die UDF weier dialoog met blanke meerderheidsleiers.

Die UDF het sentimentele en ander bande met die verbode ANC en sy terroriste-vleuel, Umkonto we Siswe.

Byna al die UDF se leiers word tans in die houe van hoogverraad aangekla.

Dit is duidelik dat die UDF nie belangstel in vreedsame onderhandeling as 'n metode van verandering nie. Die UDF is skynbaar daarop uit om die regering se vredes pogings te probeer ondermyn. Hieruit kan net afgelei word dat die UDF deur sy aksies aktief en doelgerig meewerk aan die skepping van 'n revolusionêre atmosfeer in Suid-Afrika, met ander woorde die mikpunt is 'n gewelddadige revolusie.

Nou blyk dit dat daar op Stellenbosch ook dosente en

studente by die UDF betrokke is. Dit wil egter voorkom of hierdie dosente en studente 'n lae profiel handhaaf en in die geheim te werk gaan. Hoekom?

Ons wil met hierdie brief versoek dat *Die Matie* 'n ondersoek loods na die teenwoordigheid van die UDF op Stellenbosch. Kwesties wat *Die Matie* kan ondersoek is: Is daar dosente en studente van Stellenbosch by die UDF betrokke?

Is die UDF enigins organisatories op Stellenbosch teenwoordig?

Wie is die betrokke dosente en studente?

Wat is hul kommentaar op aantygings in hierdie brief jeens die UDF en dat hulle in die geheim te werk gaan?

Hier is nou 'n kans vir *Die Matie* om sy objektiwiteit te bewys deur hierdie brief te publiseer en om die ondersoek te loods. In die lig van onthullings wat *Die Matie* rondom Die Ruiterswag gedoen het, behoort daar nie beswaar teen UDF-onthullings te wees nie. Deur so 'n ondersoek sal *Die Matie* 'n diens aan sy lesers bewys aangesien baie studente oningelig, bekommerd en ontvrede is met die UDF en sy teenwoordigheid op Stellenbosch.

('n Ondersoek verskyn op bl. 9 van hierdie uitgawe — Red.)

## Matiedagboek: Regstellings

**Helshoogte:** Bennie Olivier is primarius en nie Bennie Verster nie. Telefoonnummers: 2317, 2318, 2240, 2321, 2108, 76023, 71312, 71392, 71393.

**Huis Visser:** telefoonnommer 2086 kom by.

**Majuba:** Telefoonnummers: 73726, 73725, 73724, 2010, 76044, 76048.

**Helderberg:** Telefoonnummers: 2148, 2184, 76031, 76119, 2148, 2320, 2397.

**Harmonie:** Primaria se telefoonnommer: 3718.

**Irene:** Anneks is Rondomtalie, Victoriastraat 65, telefoonnommer: 2337.

**Monica:** Telefoonnummers: 76032, 76027, 2150, 6428.

**Aurora:** Primarius se adres is Werner Obermeyer, Thealstraat 38, Parow-Noord. Telefoonnommer: (021) 92316.

**Hippokrates:** Telefoonnummers: (021) — 931-1294, 931-1295, 931-1297.

**Huis Francie:** Telefoonnummers: (021) — 931-2960 (prim), 931-1245, 931-1265, 931-3464.

**Nog telefoonnummers en adresse:**

Serruria C-blok: 73797.

Nemesia C-blok: 73798.

Eikerus, Victoriastraat 67, 6590.

Huis Albie, Victoriastraat 69, 6525.

Bergville: Skrap 76114. Eerste nummers is 76109, 76111.

Huis Lucy: 6438.

Huis Van Riebeeck: 2123.

Murraystraat 1 is Huys Mys.

Murraystraat 12 is Kalulu.

**SR-lede:**

Le Roux van der Westhuizen, Van der Bijlstraat 11, 76826.

Niël van der Merwe, Huis Slabber, 9203.

Karin Strydom, Skuilhoek, 73721 en 9291.

Phillip Verster, 76700.

**Simonsberg:** Telefoonnummers: Skrap 2036/37/38 en voeg by 2236, 2223, 76009, 76010, 76011.

**Wilgenhof:** Telefoonnummers: Skrap 76009/10/11 en voeg by 2238, 2027, 2030.

**Erica:** Telefoonnummers: Skrap 70529, 6407, 6425 en voeg by 70526, 71230, 71290.

**Heemstede:** Telefoonnummers: Skrap 76106 en voeg by 71916.

**Huis Neethling:** Telefoonnummers: Skrap 2259.

**HTB:** Telefoonnummers: Skrap 5324 en voeg by 3311 (primaria).

**Serruria:** Telefoonnummers: Skrap 73710, 76140, 73918 en voeg in 76148, 73718.

**Sonop:** Telefoonnummers: Skrap 2338.

Studente wat probeer het om die Matiedagboek te gebruik sou beslis baie frustrasie moes beleef. Alhoewel die drukkersduivel nie stilgesit het nie, is die meerderheid foute te wyte aan 'n brave poging van die poskantoor se afdeling vir geheime installasies en nommerveranderinge. Sommige nummers het verander na die Matiedagboek reeds gedruk was.

Verskoning word aangebied vir die ongerief wat studente moes verduur. Riel Meynhardt Redakteur Matiedagboek



SPECIAL

The Princess of Style

SADE

'DIAMOND LIFE' featuring SMOOTH OPERATOR

13<sup>99</sup>

DROSTDY CENTRE RECORD & CASSETTE

You'll find more at...

Musica

STELLENBOSCH TEL 72002

## Raak u Verloof? lees dan verder...

Die besluit om verloof te raak is een van die belangrikstes in u lewe... die keuse van die regte verloofing byna net so. Gelukkig is daar 'n diamantdeskundige op wie u kan vertrou en u met raad en hulp sal bystaan.

Spectra Diamante is 'n diamantsaak met eie goudsmewerke wat diamante en monterings teen groothandelpriese direk aan die publiek verskaf. Besparings van tot 50% is moontlik op kleinhandel pryse.

Daar is 'n groot verskeidenheid verlooftringe sowel as los diamante en monterings om van te kies.

Elke diamantring word verskaf met 'n volledige graderings- en waardasie sertifikaat... u waarborg van egtheid en gehalte.

Kom gesels met Jimmy Taylor, hy sal u help om diamante te verstaan en om die beste keuse binne u begroting te maak. Of, skryf vir ons gratis brosjure: "Kies 'n Diamant".



SPECTRA DIAMANTE

Sabelsentrum Nr 7 H/v Voortrekker & Durbanweg Bellville Tel 97 5552





'n Dame besig met 'n oefening op die Trimroete. Baie dames gebruik die trimroete om hul fiksheid op te bou.

# DSOV bied groot verskeidenheid — mans ook welkom

DIE Dames-Sport- en Ontspanningsvereniging (DSOV) is 'n studenteliggaam wat 'n diverse verskeidenheid aktiwiteite vir mans- sowel as damestudente op Stellenbosch aanbied.

"Dames" is egter misleidend; manstudente is meer as welkom om by die DSOV betrokke te raak. Dié liggaam benodig genoeg ondersteuners om dit ten volle tot sy reg te laat kom.

Die DSOV het eers die afgelope 2-3 jaar begin groei.

Dit speel reeds 'n belangrike rol in die ontspanning van studente. Die verskeidenheid aktiwiteite wissel van sportsoorte soos waterski tot moderne dans. Selfs aan laasgenoemde neem drie mans deel.

'n Probleem is dat die meerderheid ondersteuners dames is en min of geen mans betrokke is. Die liggaam is inderdaad vir dames en mans.

Die DSOV se propaganda-werk word sterk deur finan-

siële beperkinge beïnvloed. Alle dele van die kampus kan dus nie ewe effektief bereik word nie.

'n Naamverandering is al oorweeg om meer studente te laat beseft dat die DSOV nie eksklusief vir dames is nie.

Hierdie kwartaal se program het op 13 April met 'n seilplankry-byeenkoms by die Faure-dam begin. Hoewel die inskrywingstal vyftien was, het min opgedaag en was die byeenkoms nie so suksesvol soos beplan was.



Seilplankry is veral gewild onder studente. Dit is 'n somersport en word nie gedurende dié kwartaal aangebied nie.

## Oriëntering — 'n nuwe sport

DIE Skiereilandse Oriënteringsklub hou hul eerste byeenkoms op Saterdag, 4 Mei, in die Papegaaiberg-gebied. Alle belangstellendes kan nou met die, tot dusver onbekende, sport kennis maak.

Oriëntering kan vergelyk word met 'n motortydren. 'n Roete op 'n kaart word gebruik om die regte roete na die spesiale kontroleerpunte te volg. Oriëntering is dus nie net liggaamlike oefening nie, maar stimu-

lering vir die brein word ook aangebied.

Saterdag se byeenkoms sal op die hoek van Loeriestraat tussen 14h00 en 16h00 begin. Verskillende roetes sal gevolg word. Dit sal van kortes vir die beginner tot tegniese moeiliker roetes vir die meer ervare deelnemers wissel.

Aanwysingsborde sal ook die roete aantoon. Individue of groepe van alle ouderdomme kan in die

verskillende kategoriese deelneem.

Die inskrywingsgelde vir deelnemers is R2,00 per kaart (klublede en kinders kry R1,00 afslag). Registrasie vind net voor die aanvang van die kompetisie plaas.

Meer inligting kan by Rob McLea (021-524437) of J. Henry (021-581494) verkry word.

Die res van dié kwartaal se aktiwiteite sien soos volg daaruit:

Waterski: 20 April; Brandvleidam, Worcester; Bus vertrek 07h30 vanaf parkeer area onder Neelsie.

Moderne Dans: 29 April; 1, 6, 8, 13, 20, 22, 27, 29 Mei; 3, 5, 10, 12, 17, 19, 24 Junie; Danssaal L.O. Departement.

Muurbal: 29 Mei; Muurbalbane L.O. Departement.

Perdry — Beginners: 25, 30 April; 2, 7, 9, 14, 21, 23, 28 Mei; Somers-Wes "Cape School of Riding"; Bus vertrek 16h30 vanaf parkeerarea onder Neelsie. — Gevorderdes: 18, 23, 28 Mei.

Pistoolskiet: 27 April; Stellenbosch Pistoolskietklub; Bus vertrek 09h00 vanaf parkeerarea onder Neelsie.

Trimjim: 25, 30 April; 4, 21, 23, 28 Mei; L.O. Departement. Trimroete: 20-23 Mei; Heemstede.

Ysskaats: 3 Mei; Goodwood ysskaatsbaan; Bus vertrek 18h30 vanaf parkeerarea onder Neelsie.

Navrae kan by mej. Krause en Baard, LSS-gebou (kamer 412) of by tel. 02231-77691 gedoen word.

## Sauer-reëls weer verander

DIE reëls van die koshuisrugby het vanjaar sekere veranderings ondergaan. Die doel hiervan is grootliks om die vloei van die spel te verbeter. Dit word gehoop dat daar minder geskop sal word en dat daar meer agterlynbewegings sal ontstaan as gevolg van die veranderings.

Die lys van wysigings is hier aangebring: *Skop-aan-ges*: 'n Speler kan 'n tikaan-ges toegeken word wanneer hy die bal eerste bemeester vanaf enige skop van die opponente behalwe 'n af-

skop en inskop.

Die vanger moet egter 'n poging aanwend om 'n teenaanval te loods. Die skeidsregter moet die spel laat voortgaan totdat hy seker is dat die speler geen voordeel het nie. Indien dit duidelik is dat die vanger opsetlik ver-suim om te probeer voor-deel behaal, moet die spel normaalweg voortgaan.

### Verskil

Die verskil tussen 'n tik-aan-ges en 'n tikstrafskop is: By die tikaan-ges moet die tikskoppe op die merk geneem word. Die skopper kan nie terugtree om meer afstand te verkry om byvoorbeeld 'n skepskop te probeer nie.

By die tikskop moet ten minste twee spelers die bal hanteer voordat daar pale toe geskepskop mag word.

By die tikaan-ges moet die opponente ten minste tien meter terugval (soos by die tikstrafskop). 'n Onkantspeler word speelkant wanneer 'n opponent 5 meter met die bal hardloop of wanneer hy dit skop. *Grens en lynstaan*: Wanneer 'n speler die bal vanaf enige plek buite sy 22 meter area indirek uitskop, vind die lynstaan plaas waar die bal in die grens gegaan het.

Die bogenoemde veranderings is nie die enigste veranderings wat van toepassing is op vanjaar se Sauerliga nie. Dit is wel die wysigings wat op vanjaar se wysigings aangebring is. Die veranderings geld op die internasionale rugbyreëls. Die volledige stel reëls is beskikbaar by mnr. Johnny Meiring, sekretaris van die Matie rugbyklub by die rugbykantoor in die Danie Craven-Stadion.

### Toeskouers

'n Ander belangrike punt is dié van die toeskouers. Die reëls lui as volg in dié verband:

'n Span kan gestraf word indien toeskouers op sy grenslyn hulself aan wangedrag skuldig maak.

As die bal 'n toeskouer of grensregter in die speelveld raak, word 'n tikstrafskop teen die betrokke grensregter of toeskouer se span 15 meter vanaf die grenslyn regoor die plek van oortreding toegeken. Indien die skeidsregter oortuig is dat sodanige optrede van 'n toeskouer of grensregter die teenspan van 'n moontlike drie beroof het, moet 'n straf-drie toegeken word.

"Ek's deur... maar die bank is toe!"

"Maar ons kangaan vier."

## WEES JOU EIE BANKIER. ENIGE TYD.

Demp toe bankdeure jou gesdrif? Met 'n Bankmankaart kan jy nou 24 uur per dag, 7 dae per week, kitskontant by die Bankman automatiese tellermasjien in Neelsie se deurloop kry.

Kry jou gerieflike Bankmankaart nou by André Markgraaff, tel. 71020 of besoek hom by die Bankmankantoor, Andringastraat 73, Stellenbosch. En wie moet jy bedank? Boland, Boland Bank.



BOLAND BANK

Bankman

24 UUR BANK





# Rugbyspanne vind baat by vakansietoere

VERSKEIE koshuise se rugbytoere moes die afgelope vakansie weens finansiële probleme en 'n gebrek aan belangstelling afgestel word. Die koshuise wat wel getoer het, het baie gebaat daarby en dit het as goeie voorbereiding vir vanjaar se Sauerliga gedien.

Huis Marais het 'n suksesvolle toer gehad waar hulle teen Lutzville en Vredendal se eerste twee spanne gespeel het. Die eerstespan het

'n indrukwekkende oorwinning van 49-4 teen Lutzville behaal. Die tweedespan het ook beïndruk teen Lutzville se tweedes en het 28-12 gewen.

In 'n veel moeiliker wedstryd teen Vredendal het die eerstespan 17-11 gewen, terwyl die tweedespan met 12 punte teenoor 6 verloor het. Die spanne is op albei dorpe baie goed behandel en die gees tydens die toer was uitstekend. Die toer het as voorbereiding vir die Sauerliga gedien en in dié opsig was dit baie geslaagd.

Huis Visser het hulle toere reeks die 27ste April met 'n voorbereidingswedstryd teen Moorreesburg, 'n eersteliga-span van die Boland begin. Huis Visser het 'n taai wedstryd 7-4 gewen, maar het ongelukkig 'n hele paar spelers as gevolg van beserings verloor. Hierdie beserings

het Huis Visser se toer nadelig beïnvloed, veral as gevolg van die gebrek aan diepte wat kenmerkend van die kleiner koshuis is.

Die toer het begin teen George waar Huis Visser 10-4 verloor het. In 'n wedstryd teen Oudtshoorn Weermag se tweedespan is die reserwes die geleentheid om te speel gegee en die wedstryd is teen 'n sterk span met 6-32 verloor.

Die laaste wedstryd van die toer was teen Riversdal wat soos George 'n SWD-eersteliga-span is. Die wedstryd is deur Huis Visser 21-12 gewen. Die toer is deur al die spelers baie geniet en die enigste negatiewe gevolg was die baie beserings.

Eendrag het met twee spanne na Worcester, Robertson en Montagu getoer. Die wedstryd teen Worcester, wat een van die sterkste

Boland-klubs is, was 'n harde wedstryd waarin Eendrag beter gebruik gemaak het van hul besit en 18-6 gewen het. Worcester het die meerderheid van die bal besit verkry, maar Eendrag het baie goed verdedig en Worcester se foute uitgebuit. Phillip du Toit en Louis Lategan het Eendrag se drieë gedruk en Riaan Gous het 10 punte met uitstekende skopwerk bygedra. Die tweedespan het ook goed gespeel en 11-3 gewen.

Die wedstryde teen Robertson is deur die eerstespan met 17-11, en die tweedespan het met 28-0 gewen. Die eerstespan het Montagu met 15-7 verslaan terwyl die tweedespan 'n sewemanwedstryd teen Montagu se tweedespan met 50-0 gewen het. Dit was waarskynlik die eerste "sewes"-wedstryd op Montagu.

## Stellenbosch vlugbal sukkel vanjaar in liga

DIE klub vaar vanjaar nie goed nie, alhoewel heelwat spelers van verlede jaar nog speel. Die interkoshuis-kompetisie neem ook 'n aanvang.

### Eerstespan

Die mans-eerstespan speel in die WP se eerste liga, waarin daar altesaam agt spanne deelneem. Nadat hulle verlede jaar vierde hierin geëindig het, het US tot dusver albei wedstryde verloor.

Die tweede en derde spanne ding in die WP se tweede-

liga mee. Verlede jaar was daar geen derdespan nie en het die tweedespan derde geëindig. Die uitslae lyk soos volg:

US tweedespan:  
teen Ikeys C: 1-3;  
teen Ikeys E: 3-1;  
teen mutual: 0-3;  
US derdespan:  
teen Ikeys D: 1-3;  
teen Ikeys C: 0-3;  
teen Queens Park: 0-3;  
teen Old Mutuai: 0-3.

### Verbetering

Die uitslae tot dusver lyk

nie so belowend nie, maar die klub hoop dat dit beter sal gaan.

### Afrigting

Die klub bestaan uit 25 lede (almal mans), waarvan 60% beginners is. Gedeeltelik weens 'n gebrekkige advertensieveldtog is daar hierdie jaar geen dames nie. Die klub se oefentye is Maandae en Woensdae vanaf 19h00-21h00, maar wedstryde word meestal op Woensdae gespeel.

Verlede jaar is twee spelers vir die SAU-span gekies en die klub het vierde geëindig. Daar word beplan om hierdie jaar weer 'n span na Bloemfontein te stuur.

Geoff Fitzhenry behartig hierdie jaar die afrigting van die span, aangesien die vorige afrigter nou diens doen in die SAU-span.

Die interkoshuistoernooi word op Saterdag 20 April beslis. Sowaat vyf dameskoshuise en drie manskoshuise het ingeskryf.

## Branderroeiers wys hul slag by Cemetary

DIE Matie-branderroeiklub het die naweek van die tweede Maart hul tweede suksesvolle branderroeikompetisie aangebied. Die kompetisie het by Cemetary in 5- tot 6-voetbranders plaasgevind.

In 'n goeie finaal het Attie Hofmeyer met Brian Croom afgereken. Tersius Swanepeel was derde gevolg deur Pedro Crous.

Soos die vorige kompetisie, by Dunes naby Noordhoek, het die weer perfek saamgespeel. Die uitslae by Dunes, in vyf voet branders, was as volg: 1ste: Johan Visser; 2de: Pedro Crous; 3de: Brian Croom en 4de Tersius Swanepeel.

Verblydend van beide kompetisies is die groot aantal nuwelinge wat deelgeneem het. Alhoewel die gemiddelde standaard van die klub nie so hoog soos verlede jaar is nie, kan hierdie groep nog heelwat ontwikkel.


Verlede jaar se Matiespan het as die kampioenspan van die SAU-kampioenskappe teruggekeer. Ongelukkig het slegs twee van die oor-

spronklike span van agt lede oorgebly. Die klubkampioene, Johan Visser, sukkel tans met 'n rugprobleem.

Daar sal vanjaar dus van voor af gebou moet word vir die SAU-kampioenskappe wat in Junie te Jeffreysbaai gehou gaan word. Nuwelinge het dus volop geleentheid

om hulself te bewys en te ontwikkel.

Vir enige navrae kan belangstellendes die volgende persone kontak: Brian Crous, by 024-25768; Pedro Crous, Helshoogte A114; Tersius Swanepeel, Simonsberg 163.



'n Lid van die Matie-branderroeiklub voer 'n off the lip in die onlangse kompetisie by Cemetary uit.

DIE All Blacks gaan kom toer! Dit is uiteindelik finaal. Die rugbybase van Nieu-Seeland het die toer met 'n meerderheid van 14-4 goedgekeur. Hulle is ook nie van plan om dié beslissing, ondanks druk van politici en betogers, te verander nie.

Tot dusver het dit nie gegaan om wen of verloor nie — dit het om internasionale mededinging gegaan. Nou, dat die toer gaan plaasvind, gaan dit beslis om wen of verloor. Die All-Blacks kon nog nie daarin slaag om die Springbokke in Suid-Afrika te klop nie. Hulle wil dit vanjaar graag regkry.

By die ter perse gaan was die toerplan nog onbekend. Die aantal toetse en wanneer die toer gaan plaasvind se detail was nog nie finaal bepaal nie. In 'n onderhoud met Dr. Danie Craven het hy gesê hy hoop dat soveel toetse as moontlik sal plaasvind. Hy het bygevoeg dat wanneer 'n mens begin verloor wil jy weer so min toetse as moontlik hê.

Met die toer sal die Curriebekerreeks weer daaronder lei. Die program was nog altyd baie druk wanneer 'n

toer plaasvind. Vanjaar se reeks is wel beplan met die oog op die All Black toer. Daar sal minder wedstryde gespeel word, want die verskillende spanne gaan twee wedstryde minder as gewoonlik speel.

Wanneer 'n land as wêreldkampioen in 'n sport waarvan Suid-Afrika nie deelneem het nie, gekroon word, is ons baie gou om te sê dat hulle nie volwaardige kampioene is nie. Hulle moet eers teen ons speel. Die toer van die All Blacks sal ons 'n kans gee om ons te bewys.

Met die resultate van die toer sal ons kan bepaal waar ons ten opsigte van die wêreldrugby se krag staan. Is ons so goed soos ons ons voorhou? Die tekort aan internasionale mededinging



## OP DIE KANTLYN

het ongelukkig 'n negatiewe invloed op ons spel.

In die Sauerreeks word weer 'n kwaai stryd verwag. In die A-afdeling behoort die stryd tussen Wilgenhof, Helshoogte en Huis Marais taai te wees. Daar is vier spanne in die B-afdeling wat mekaar goed gaan opkeil. Hulle is

Eendrag, Dagbreek, Elsenburg en Medies.

Die toeskouers "Op die Kantlyn" moet tog notisie neem van die reëls waarby hulle moet hou. Dié reëls word gegee in die berig op bladsy 14. Die manne word tog gevra om *lyntjie te hou* sodat daar geen onnodige strafsokke teen hul span sal wees nie.

Enjoy your favourite music anytime, anywhere from any source — with this new **National**




PORTABLE DISC DECK 'N RECEIVER

+ FREE

1 RT52 National Cassette

• CARRY BAG R13,50  
Optional Extra



A compact radio-cassette unit with a front-loading turntable  
Front-loading turntable slides out at the touch of a button  
Direct source activation for tuner, tape and phono  
3-way power supply for go-anywhere flexibility  
Cassette deck requires no manual recording level setting  
Rear Panel Compartment holds headphones or cassettes.



All this for only  
**R369,00**

**Stellenbosch** Furniture Co. (Pty) Ltd.  
Meubel Maatskappy (Edms) Bpk.

cnr Andringa & Church Streets

☎ 73004/5/6



☎ (02231)

**3866**

**puppy love**

SHIRT MAKERS





Henry Bezuidenhoutt laat loop die bal in die kragmeting tussen Dagbreek en Oude Molen. Bezuidenhoutt het die eerste drie in Dagbreek se oorwinning van 26-4 gedruk.

## Wilgenhof klop Majuba net-net

WILGENHOF was baie gelukkig om 'n naelskraap-oorwinning van 14-12 oor Majuba te behaal in hulle kragmeting van Vrydag 19 April. Wilgenhof het met veertien man vir meeste van die wedstryd gespeel.

### Vuilspeel

Alhoewel Vink van Loggerenberg vir Wilgenhof na drie minute 2-0 laat voorloop het met 'n strafskop, het Philip Faure die telling 2-2 gemaak met 'n strafskop in die sewende minuut na Wilgenhofvuilspeel. Majuba het hierna sterk aangeval onder leiding van hulle kaptein, Joggie Scholtz. Swak hanteerwerk het veroorsaak dat hulle baie kanse verbrou het. Wilgenhof het ook goed

verdedig, maar in die agtiende minuut het P.J. Visser daarin geslaag om 'n drie te druk. Na Faure se verryf-skop was Majuba dus reeds 8-2 voor.

Vier minute later het Faure met 'n strafskop die gaping met nog twee punte vergroot toe Wilgenhof weer vuil gespeel het. Kort hierna is die agsteman van Wilgenhof van die veld afgestuur vir 'n soortgelyke oortreding en Faure kon weer eens twee punte byvoeg. Wilgenhof moes voortaan met veertien man klaarkom. Die rustydteiling was 12-2 in Majuba se guns.

Majuba se balhantering het algaande verbeter, maar hulle het al slegter teen Wilgenhof begin vertoon. Hulle moes letterlik bontstaan om al die gate toe te stop, want Wilgenhof se voorspelers het

baie geleentheid aan hulle agterspelers verskaf. Frikkie Steynberg het grootliks daartoe bygedra dat sy span feitlik al die lynstane beheer het.

Die ongeruimdheid was in die tweede helfte iets van die verlede en die spel was ook baie meer vloeiend. Die heel-agter van Wilgenhof, Herman Steyn, het 'n baie goeie wedstryd gehad en was dan ook 'n sleutelfiguur in sy span se uiteindelijke oorwinning.

### LEES OMTRENT DIE WYSIGINGS VAN VANJAAR SE SAUER-REÛLS OP BLADSY 14.

Hý het Wilgenhof op die pad van herstel geplaas deur in die vyf en twintigste minuut van die tweede helfte na 'n goeie lopies, 'n drie onder die pale te gaan druk. V. van Loggerenberg kon maklik verryf. 'n Bietjie later het hy met nog 'n strafskop geslaag na vuilspeel deur Majuba en die agterstand was toe net twee. Willie Rabie het sy manne gemotiveer en in beseringstyd duik Vincent du Toit oor vir die wendrie. Die eindteiling is dus 14-12.

Die skeidsregter, mnr. Justus Potgieter, het na die wedstryd gesê dat die nuwe reëls baie goed funksioneer en dat dit die kontinuïteit van die spel definitief verhoog.

## KOSHUISRUGBY

# SAUER-liga nog oop — Dagbreek wen ver

David van der Westhuyzen

HELSHOOGTE, verlede jaar se Sauer-wenners, het hul eerste wedstryd in vanjaar se Sauer-kompetisie teen Pieke verloor. Die span sal nou alles moet uithaal om die eindstryd van die kwartaal se kompetisie te haal. Libertas het 'n sterk aanvalsgeloods om in die eindstryd te kom deur hulle eerste twee wedstryde te wen.

Dagbreek lyk na die sterkste aanspraakmaker om die eindstryd te haal. Hulle het Oude Molen, op Vrydag, oorweldig en met 'n oorwinning van 26-4 geklop. Veral Dagbreek se swaar pak het baie tot die groot oorwinning bygedra.

Direk na die inkoop het die eerste skrum gevorm. Die Dagbreekpak het hulle krag in die skrum gewys deur Oude Molen ver terug te dryf. Dit het die patroon vir die res van die wedstryd gevorm. Die swaar pak se fiksheid het ook bo verwagting vir die hele wedstryd gehou.

In die eerste tien minute van die wedstryd het albei spanne die bal laat hardloop. Daar is sterk en hard verdedig deur verdedigende spanne. Bobby van Heerden, loskakel van Dagbreek, kon nie met 'n skepskoppoging slaag nadat Dagbreek 'n sterk aanval geloods het nie.

Kort hierna, in die vyftiende minuut het Henry Bezuidenhoutt, senter, Dagbreek se eerste drie gedruk. Nicky Cilliers, skrumskakel, het die drie verdoel.

Oude Molen het sterk na die eerste drie aangeval, maar Dagbreek het 'n teenaanval geloods en 'n goeie drie is as gevolg deur Nelius

du Plooy, agsteman, gedruk. met nog vier punte groter geword nadat Piet de Beer in die tweede minuut van die tweede helfte 'n drie gedruk het. Die doelskop is deur Cilliers gemis.

Oude Molen het heelwat ongedwonge foute op dié stadium gemaak. Marius Nel het as gevolg 'n drie gedruk en Cilliers het die drie verdoel.

Marius Hanekom, linkervleuel van Oude Molen, het met 'n langstrafskoppoging probeer punte aan teken. Hy kon nie met die poging slaag nie.

Baie hardlooprugby is gedurende die tweede helfte gespeel. Dagbreek het die voordeel behaal met hulle groter balbesit en is 'n paar keer deur goeie verdediging net voor die Oude Molen-

lyn gestuit. Marais Ellis het wel daarin geslaag om 'n drie te druk. Die drie is verdoel en Dagbreek se telling het na 26 opgeskuif.

Oude Molen het baie beter in die einde van die wedstryd vertoon. 'n Skepskoppoging is net gemis. Kort hierna het Wessel Bezuidenhoutt 'n goeie drie gedruk. Dit het die finale puntestand tot 26-4 gebring.

Jan Victor en Jaco Vlok, die slotte van Oude Molen, het in die lynstane beïndruk. Hulle het die bydrae tot Oude Molen se balbesit gelewer. Dagbreek het die vaste- en losskrums ooreheers, maar Oude Molen se slotte het gesorg dat die lynstaanstryd gelykop eindig.

Die volledige uitslae van Vrydagmiddag se wedstryde is soos volg: Dagbreek klop Oude Molen 26-4; Wilgenhof klop Majuba 14-12; Eendrag klop Medies 4-2; Pieke klop Helshoogte 6-0; Libertas klop Huis Visser 8-0; Elsenburg klop Helderberg 8-6.

### SAUER-liga puntestand

DIE stand van sake na Vrydag se Sauer-ligawedstryde is soos volg (in die volgorde: gespeel, gewen, gelyk, verloor en punte):

Afdeling A:	Afdeling B:
Wilgenhof 2 2 0 0 4	Eendrag 2 2 0 0 4
Helshoogte 1 0 0 1 0	Dagbreek 1 1 0 0 2
Huis Marais 1 1 0 0 2	Simonsberg 1 1 0 0 2
Libertas 2 2 0 0 4	Elsenburg 2 1 0 1 2
Pieke 2 1 0 1 2	Oude Molen 2 0 0 2 0
Majuba 2 0 0 2 0	Medies 2 1 0 1 2
Huis Visser 2 0 0 2 0	Helderberg 2 0 0 2 0

Die program vir môre se wedstryde is soos volg: Wilgenhof v Pieke; Helshoogte v Huis Marais; Majuba v Huis Visser; Eendrag v Oude Molen; Dagbreek v Simonsberg; Medies v Helderberg.

Alle wedstryde begin om 17h00.



Chris Schmidt van Majuba gryp 'n voorspeler van Wilgenhof in hul wedstryd vas. Wilgenhof het nouliks, met net 14 spelers in die span, gewen.

## Eendrag wen op Tygerberg

EENDRAG het Vrydagmiddag 'n harde wedstryd teen Medies op Tygerberg met 4-2 gewen. Die telling kon hoër gewees het as Eendrag hul bewegings beter afgerond het en hul gebiedsvoordeel in punte omskep het.

Die eerste helfte is gekenmerk deur harde spel aan beide kante. Eendrag het gebiedsvoordeel geniet, maar Medies het rotsvas verdedig. Veral Charlie Meyer en Andre botha het met laagvatte beïndruk.

Albei spanne het met die bal gehardloop in die tweede helfte. Mooi bewegings het as gevolg van die hardlooprugby ontstaan. Eendrag het beter balbesit verkry. Hul stewige skrum het as basis vir hul aanvalle gedien.

Dawie Augustyn het net voor rustyd met 'n strafskop vir Medies geslaag. Eendrag se drie is na 'n strafskop op Medies se 22 m-lyn gedruk. Eendrag het die strafskop vinnig geneem, Medies onverhoeds betrap, en Johan Wessels het na 'n vinnige beweging gaan druk. Die

doelskop was mis en die telling het 4-2 tot die eindfluitjie gebly.



Een van Eendrag se muurbalspelers slaan in die wedstryd tussen Eendrag en Helderberg af. Helderberg, verlede jaar se wenners, het die wedstryd met 3-1 gewen.

## Helderberg wen eerste wedstryd in koshuismuurbal

HELDERBERG en Dagbreek, onderskeidelik laasjaar se wenners en naaswenners, het Donderdagaand 18 April sterk in die eerste rondte van die interkoshuismuurbalkompetisie getoon. Beide spanne het goeie oorwinnings oor onderskeidelik Eendrag en Huis Marais behaal.

Helderberg het Eendrag 3-1 geklop. Eendrag se no. 2 speler, H. Bührmann, wat gewoonlik in die eerste posisie speel, was die enigste om 'n wedstryd te wen.

Dit was teleurstellend dat Eendrag se no. 4 speler nie opgedaag het nie, omdat die wedstryd vir Eendrag bepalend was. Nietemin het Helderberg, wat hierdie jaar goeie diepte het, die ander wedstryde in skoon stelling gewen.

Dagbreek het Huis Marais 4-0 in skoon stelling geklop. Dagbreek se no. 1 speler, Martin Aldrich is vanjaar 'n vonds. Alhoewel dit 'n eenzijdige wedstryd was, het Dagbreek getoon dat hulle hierdie jaar 'n bepalende faktor in die kompetisie gaan wees.

Tim Hedges van Helderberg sê dat alhoewel hulle laasjaar 'n redelike mate van geluk gehad het, hulle beslis ongelukkig sal wees om nie vanjaar onder die eerste drie plekke te eindig nie. Hy sê ook dat die span uit spelers van 'n goeie gehalte bestaan en dus baie gebalanseerd is.

Dagbreek se span is miskien nie so gebalanseerd nie, maar is baie sterk veral in die eerste twee posisies. David van der Westhuyzen,

muurbalvertegenwoordiger van Dagbreek, voorspel dat die span, wat hy as "Dagbreek se sterkste muurbalspan vir 'n lang tyd" bestempel, hierdie jaar 'n groot faktor in die kompetisie sal wees.

Dit lyk belowend dat die twee sterk spanne mekaar weer in die eindstryd gaan opkeil. Ander sterk spanne wat ook 'n goeie kans het om die eindronde te haal is Personeel A en Helshoogte.

Volgende Donderdagaand speel die volgende spanne teen mekaar: Helderberg v Personeel B; Eendrag v Majuba; Dagbreek v Helshoogte; Huis Marais v Oude Molen. Wedstryde begin om 19h00 by die Old Mutual muurbalbane.